# Dagstukkies 5

## Inspirerende Gedagtes uit Die Woord

VOLUME 5

Danie Nell

# DAGSTUKKIES (NO. 5)

**Om vanaf vier uur in die oggend op te staan en 'n "Dagstukkie" voor te berei het al 'n deel van my lewe geword.**

**Iemand het my onlangs gebel en gesê dat al doen ek net dit vir die volgende tien jaar, moet ek nie ophou nie.**

**Die Here gee my 'n boodskap wat eers tot myself spreek en dan is dit soms 'n probleem vir my om dit wat ek ontvang het te verkort sodat dit nie te lank is vir my lesers nie. Want baie lees dit op hul selfone.**

**Dank die Here vir selfone en tegnologie wat dit moontlik maak dat ons selfs ons E-pos daarop kan ontvang.**

**Ek vertrou dat "Dagstukkies No. 5" ook 'n groot seën sal wees vir elkeen wat dit lees.**

**Baie gebruik dit in hul Selgroepe/Kleingroepe.**

**Groete, Danie Nell (Jeffreysbaai)**

Epos adres: dnell@inetcom.co.za

ISBN 978-0-620-55271-4

# Praat woorde van geloof

**Hebreërs 11:3** *"Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie."*
Die Lewende Bybel: *"As ons in God glo, dan kan ons verstaan dat Hy die wêreld gemaak het deur net 'n woord te praat. Alles wat ons nou sien, is gemaak uit dinge wat nie gesien word nie"*

God se *"Modus operandi"* (Sy manier waarop Hy werk) was en is om te skep deur Sy woorde. Ons vind 'n treffende voorbeeld reg voor in die Bybel toe God die hemel en aarde geskape het. In Gen. 1:1-3 lees ons dat die aarde woes en leeg was en dat daar duisternis was. Dan kom vers 3 en sê: *"En God het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig"* Elke keer wanneer God geskep het lees ons hierdie woorde: *"En God het gesê"*
Wanneer Paulus na die skepping verwys in 2 Kor. 4 sê hy in vers 4: *"Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn – dit is Hy wat in ons harte geskyn het..."* en in vers 13 voeg hy by: *"En omdat ons dieselfde Gees van die geloof het – soos geskrywe is: Ek het geglo, daarom het ek gespreek – glo ons ook, daarom spreek ons ook."* God het gespreek en omdat ons dieselfde geloof in ons het, kan ons spreek!
Daar is baie krag in jou woorde (Spr. 18:21) Geloof moet in ons harte wees maar ook in ons mond. (Rom. 10:8-10) Kyk weer hoe jy praat en as dit nie woorde van geloof is nie moet jy jou manier van praat verander.

Redeneer nie, soos ongelowiges, met jou probleme nie.
Praat woorde van geloof teen jou probleme.
Dieselfde Gees wat Jesus opgewek het uit die dood, leef in jou!

# Geloof wat maak dat ons liefhet

**Galasiërs 5:6** *"Want in Christus Jesus het nóg die besnydenis nóg die onbesnedenheid enige krag, maar die geloof wat deur die liefde werk."*

Die Boodskap: *"As ons in Christus glo, maak dit glad nie saak of ons die teken van die besnydenis aan ons liggaam dra of nie, want dit tel glad nie meer by God nie. Dit is uit die mode; ou nuus. Al wat nou saak maak, is geloof, daardie soort geloof wat maak dat ons ander mense met alles in ons liefhet."*

Paulus skryf aan die Galasiërs en leer hulle dat hulle moet weet dat indien hulle besny word sal hulle verplig moet wees om die hele wet te onderhou. Doen hulle dit is hulle losgemaak van Christis en het hulle van die genade verval. (vers 3,4) Al wat krag het is *"geloof wat deur die liefde werk"*
Wat sal dit help as ons sê ons glo in God maar ons kan nie ons medemens waarlik liefhê nie? Geloof is verseker 'n gawe van God maar hoe meer ons glo hoe meer behoort ons lief te hê. Ek praat van daardie tipe liefde waarvan ons lees in 1 Kor. 13. (Dit was ook hierdie hoofstuk wat amper sestig jaar gelede my na Christus gelei het) Vandag haal ek 1 Kor. 13:4-7 aan in Die Lewende Bybel: *"Om lief te hê, beteken om geduldig en vriendelik te wees. Dit beteken ook om goeie dinge vir ander mense te gun...'n Mens wat ander liefhet, is nie onmanierlik nie en dink nie net aan homself nie. Hy word nie gou kwaad nie en hou nie boek van die onreg wat ander mense teen hom doen nie....As 'n mens iemand liefhet, kan jy stilbly oor sy foute..."*

Ons kan werk aan ons geloof maar sekerlik ook aan ons liefde.
Hoe meer sondes vergewe is, hoe meer behoort jy lief te hê.
Wys my hoe lief jy het dan sal ek weet hoe baie jy glo!

**‘n Voorneme – praat baie meer oor Jesus**
**1 Korinthiërs 2:2** *"...ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde."*
Die Lewende Bybel: *"Ek het vooraf besluit dat ek met julle net oor een saak wou praat – oor Jesus Christus wat vir ons op die kruis gesterf het."*

Paasnaweek is seker die belangrikste naweek van die jaar op die kalender vir ons as Christene. Dit is tog immers wanneer ons die dood en opstanding van Jesus Christus herdenk.
Toe Paulus aan die gemeente van Korinthiërs geskryf het was hy al moeg van al hul probleme en ook die onenighede wat hulle onder mekaar gehad het. Daarom stel hy dit duidelik wat sy voorneme was, naamlik: *"om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde."*
Ons lewe sal anders wees as ons minder fokus op probleme, en meer op Christus en wat Hy vir ons gedoen het.
Kom ons besluit om op te hou vaskyk teen die verkeerde dinge en te fokus op die volmaakte prys wat Jesus vir ons betaal het.

John Bunyan het tot bekering gekom nadat hy ‘n paar vroue op ‘n Maandagoggend gevind het wat nie gestaan en kwaadpraat het nie. Wat hom aangegryp het was dat hulle met mekaar gepraat het oor Jesus Christus. Wow! ‘n Maandagoggend praat ‘n groep mense oor Jesus!

Neem jou voor om meer oor Jesus te praat en wat Hy vir jou gedoen het.
Besluit om minder te praat oor al die sorge en probleme.
Bring eerder al die sorge en laste na die voete van Jesus Christus! (Matt. 11:28)

# Oggend gebed

**Psalm 5:4** *"In die môre, Here, sal U my stem hoor; in die môre sal ek dit aan U voorlê en wag."*
Die Lewende Bybel: *"Here, soggens hoor U my bid want elke oggend lê ek my versoeke voor U en wag vir 'n antwoord."*

Om vroeg in die môre te bid is net baie anders – dan is jy vars en alles om jou is stil en rustig. Moet in elk geval nie probeer bid as jy saans moeg en afgemat voel nie. Moet ook nie as jy moeg is skuldig voel indien jy nie veel gebid het nie.
Deur die jare het ek geleer dat die geestelikste ding wat jy kan doen as jy moeg is – is om te gaan slaap!
Ek weet almal is nie 'n "oggend mens" nie. Voorheen was ek iemand wat maklik eers eenuur in die oggend gaan slaap het. Dan het dit my 'n tyd geneem om behoorlik aan die gang te kom vir die volgende dag. Maar noudat ek voor tien in die aand gaan slaap is dit heerlik om baie vroeg in die oggende Bybel te lees en te bid. Dit is ook hierdie tye dat ek "Dagstukkies" skryf.
Vir jong predikers wat altyd 'n preek soek was my raad dat hulle net getrou God se woord moet lees totdat dit met hulle sal praat. Hulle sal só baie boodskappe hê dat hulle dit nooit in hulle tyd sal kan preek nie.
My raad is: Leef in verhouding met die Here en lees baie in die Bybel, dan sal met jou gebeur wat met Eségiël gebeur het, naamlik: *"En die woord van die Here het tot my gekom en gesê..."* Sy woord sal verseker ook met jou praat!

Soos suurstof vir jou longe is, só is gebed suurstof vir jou siel.
Besluit om meer te bid – en as jy kan, bid vroeg in die oggend.
Hy wag om na jou te luister en is gereed met 'n antwoord!

# Die Here is my banier

**Exodus 17:15** *"En Moses het 'n altaar gebou en dit genoem: Die Here is my banier."*

Die Lewende Bybel: *"Moses bou toe daar 'n altaar en noem dit: Die Here is my oorlogsbanier."*

'n Beskrywing van 'n banier is 'n doek met 'n naam en 'n leuse daarop wat sigbaar verhoog word dat almal kan lees.
'n Banier dien geen doel as dit nie omhoog gehou word nie. Vir Moses was God daardie dag sy banier.
Hierdie woorde *"Die Here is my banier"* het Moses uitgeroep nadat Israel oorwin het in hul oorlog met die Amalekiete. Moses het tydens die geveg op die top van 'n heuwel gaan staan met sy staf in sy hand en elke keer as hy sy hand gelig het, was Israel die sterkste. Josua het saam met Israel onder in die vallei geveg en geweet Moses was op die heuwel waar hy sy staf omhoog gehou het. Toe Moses moeg geword het was dit Aäron en Hur wat sy hande omhoog gehou het. Tydens hierdie geveg was dit nie 'n doek wat Moses ophoog gehou het nie, maar was dit die Naam van die Here asook dit waarin hulle as volk geglo het.
Die Here moet vir ons wees soos 'n banier en ons moet bereid wees om Sy Naam en alles waarin ons glo, hoog te hou.
Vir Dawid was God ook sy banier toe hy Goliat verslaan het. Vir Goliat het hy gesê: *"Jy kom na my met 'n swaard en met 'n spies en met 'n lans, maar ek kom na jou in die naam van die Here van die leërskare, die God...wat jy uitgedaag het."*

Jy moet geen geveg aandurf sonder die Here as jou banier nie.
Hou altyd Sy Naam omhoog en die beloftes van Sy woord.
As jy moeg word vra ander om jou hande omhoog te hou!

**God wil die swakste gebruik**

**1 Korinthiërs 12:18,22** *"Maar nou het God elkeen van die lede in die liggaam gestel soos Hy gewil het...Maar veel eerder is dié lede van die liggaam noodsaaklik wat die swakste lyk."*
Die Boodskap: *"God het elkeen van die dele van die liggaam 'n spesiale plek in die liggaam gegee, net soos Hy beplan het...daar is dele van die liggaam waaraan 'n mens nie eers baie dink nie, maar waarsonder die liggaam (die gemeente) glad nie kan klaarkom nie."*

Ons gebruik te min die gewone lidmaat in die gemeente. Wanneer iemand deur 'n geestelike stryd gaan verwys ons hom/haar na 'n opgeleide berader. Indien daar iemand is wat bekering nodig het dan verwys ons hulle nie na iemand wat 'n disipelskap-kursus voltooi het nie. Indien ons agterkom dat iemand geteister word deur demone dan skrik ons so groot dat ons hulle verwys na persone wat weet om duiwels uit te dryf. Bogenoemde is nie in totaal verkeerd nie. Maar as ek die Bybel reg verstaan dan wil en kan God diegene gebruik wat opreg in Hom glo. Jesus het tog gesê in Joh. 14:12: *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo – die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan."*
Jesus sê in Mark. 16:17,18 *"En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in My Naam sal hulle duiwels uitdryf...op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word."* Treffend genoeg begin hierdie gedeelte nie dat ons vir siekes sal kan bid nie maar dat ons duiwels sal kan uitdryf. Moenie net lees wat jy kan hanteer nie – lees elke deel in die woord en glo dit.

Dit is nie verkeerd om mense met nood te verwys na 'n opgeleide geestelike werker nie.
Luister: Die Here wil jou gebruik – al voel jy nie belangrik nie. Wanneer gaan jy jouself beskikbaar stel vir God om te gebruik?

## Die Trooster

**Johannes 15:26** *"Maar as die Trooster gekom het wat Ek vir julle van die Vader sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy van My getuig."*
The Amplified Bible: *"But when the Comforter (Counselor, Helper, Advocate, Intercessor, Strengthener) comes Whom I will send to you from the Father, the Spirit of Truth Who comes from the Father, He (Himself) will testify regarding Me."*

Die Heilige Gees word in die Bybel genoem "Die Trooster" en die Griekse woord wat hier gebruik word is "Parakletos" wat beteken: "Die een wat altyd by my is – wat my bystaan namens Jesus"
Ek hou baie van "The Amplified Bible" se weergawe van hierdie teks: Die Heilige Gees is die een wat ons raad gee (Joh. 16:13) Hy is die een wat ons hulp verleen. Hy is ook ons advokaat (Matt. 10: 19,20) Hy tree vir ons in (Rom. 8:26) Hy versterk ons wanneer ons voel ons krag het baie min geword. Moet jy 'n besluit neem en soek jy dringend raad? Vertrou die Heilige Gees daarvoor.
Baie keer meen ons dat 'n goeie vakansie net die regte ding is om weer nuwe krag te kry – en dit kan help. Maar die een wat gedurig jou wil versterk is God se Gees. In Hand. 1:8 lees ons *"...maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom..."*
Die woord "krag" hier kom van die Griekse woord "dunamis" wat beteken "inwonende krag" Dit is nie krag wat net nou en dan in ons werk nie, maar dit is krag wat in ons bly. Wanneer jy voel dat jou kragte en jou energie min geword het glo in Sy inwonende krag in jou en vertrou dat Hy jou sal vernuwe.

Hy wat in jou is, is groter as hy wat in die wêreld is. 1 Joh. 4:4
Moet nooit dink dat jy alleen is nie, want Sy Gees woon in jou.
Leer om fyn te luister na Sy stem hier diep binne jou.

# Ons Wedloop

**Hebreërs 12:1,2** *"Daarom dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elk las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding* ***die wedloop*** *loop wat voor ons lê, die oog gevestig p Jesus...."*
Die Boodskap: *"Die lewe is soos 'n wedloop. Op die pawiljoene het ons 'n skare wat voor ons met geloof en vertroue in God geleef het. Hulle moedig ons aan om gelowig vol te hou met die wedloop. Laat ons dan ontslae raak van enigiets wat ons hinder om die wedloop van die lewe behoorlik te hardloop."*

Ek het nog nooit 'n atleet gesien wat met 'n groot jas en weermag stewels 'n resies aanpak nie. Tog probeer ons die "lewens wedloop" aandurf met só baie bagasie wat ons saamdra.
Met 'n wilsbesluit moet ons ontslae raak van die laste asook die sondes wat ons kan oorweldig. Ons raak soms makliker ontslae van sonde, want ons bely dit net eenvoudig. Maar wat maak ons met laste? Persoonlik is ek van mening dat die meeste laste laai ons op onsself. Ek sê dit want dit is my ondervinding in my eie lewe. Ai, ons kan dit baie moeilik maak vir onsself. Verder sê Paulus in 2 Tim. 2:5 *"En verder, as iemand aan 'n wedstryd deelneem, word hy nie bekroon as hy nie volgens die reëls gewedywer het nie."* Alle reëls sal jy vind in jou Bybel – maak seker dat jy die reëls ken.
Dit sal wonderlik wees as jy en ek, soos Paulus, aan die einde van ons geestelike wedloop kan skryf: 2 Tim. 4:7: *"Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou."*

Besluit om jou wedloop met sukses te voltooi en raak ontslae van enigiets wat jou terughou.
Dank God vir hulle wat ons aanmoedig om vol te hou en nie moed op te gee nie.
Dit is nie hoe ons begin nie maar hoe ons volhard tot die einde wat saak maak.

# Wat ware Aanbidding vermag

**Johannes 4:23** *"Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid."*

Dit is treffend dat Jesus sê dat Sy Vader soek mense wat Hom in gees en in waarheid sal aanbid. Al wat ons moet doen is om onsself by God aan te meld om 'n ware aanbidder te wees.
Die oomblik wanneer jy dit doen verander jou leefwyse totaal. Jy sal vind dat jy nie meer negatief wil praat nie en beslis nie oor die gerigste dinge sal kla nie. In jou sal daar 'n passie wees om aan God lof en dank te bring. Dan sal dit makliker wees om jou te verbly in die Here. (Fil.4:4)
Persoonlik glo ek dat die eerste gelowiges in Jerusalem guns verdien het by die mense omdat hulle God altyd lof en prys gegee het. Ons lees die volgende van hierdie gemeente in Hand. 2:47 *"...terwyl hulle God geprys het en in guns was by die hele volk. En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is"* Ons sal nooit guns by mense kry indien ons die evangelie op 'n aggresiewe manier aan hulle bring nie. Besluit om nooit aanvallerig teenoor mense wees nie. Want die "Evangelie" is tog immers "Die blye boodskap"
'n Ware en opregte aanbidder ken ook nie selfbejammering nie. 'n Mooi voorbeeld hiervan is toe Paulus en Silas in die tronk was. Ons lees van hierdie verhaal in Hand. 16:25,26.
Omdat hulle nie hulself jammer gekry het nie, maar aan God lof en eer gegee het, het die traliedeure oopgegaan. Nie net hulle deure nie maar ook van al die gevangenes. Opregte aanbidding sal nie net jou bevry nie maar ook ander om jou.

'n Ware aanbidder se hart loop altyd oor van ware liefde.
Onthou altyd: Guns verdien jy maar genade is vry.
Meld jouself aan by God as iemand wat Hom opreg wil aanbid!

**Deel wat jy geestelik het met ander**

**Romeine 1:9,11** *"Want God...is my getuie hoe ek onophoudelik aan julle dink...want ek verlang om julle te sien, om julle een of ander geestelike genadegawe mee te deel, sodat julle versterk kan word."*

Die Boodskap: *"...Ek wil julle baie persoonlik ontmoet. Ek het die wonderlikste geestelike geskenke uit God se hand ontvang waarin ek julle wil laat deel. Dit sal julle geloof sterker maak."*

Paulus stel 'n mooi voorbeeld dat hy verlang om sy mede-gelowiges te sien sodat hy die geestelike gawes wat God aan hom gegee het met hulle kan deel, hoofsaaklik met dié doel sodat hulle versterk kan word.
Wanneer ons mekaar sien behoort ons mekaar te bemoedig met dit wat ons geestelike besit. Hoe anders sal ons gesprekke net nie wees nie?
Alle gawes wat God aan jou gegee het is genadegawes – jy het nie daarvoor gewerk nie en dit ook nie verdien nie. En as daar ooit 'n tyd was dat ons mekaar moet versterk, dan is dit in hierdie tyd waarin ons leef. Dit is asof die bose oortyd werk om God se kinders aan te val om hulle geloof en vertroue in Sy woord af te breek. Ek hou nogal van "Die Boodskap" se vertaling waar dit lees: *"Ek het die wonderlikste geestelike geskenke uit God se hand ontvang waarin ek julle wil laat deel."* Jy sien, wat ons van God ontvang het, het ons ontvang om mekaar te dien. Ons lees in 1 Pet. 4:10 *"Namate elkeen 'n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien..."*
Die bekende handelsmerk *"Nike"* se leuse is: *"Just do it"*
Dit behoort ons leuse ook te wees. Ons het genoeg van die Here ontvang om ander tot seën te wees.

Soek iemand vandag wie jy kan versterk in hul geloof.
Jy het baie van God ontvang – deel dit met iemand wat bemoedig moet word.
Alle geestelike gawes is net genade en nogmaals genade.

**Bewapen jouself**

**Efesiërs 6:10,11** *"Eindelik...word kragtig in die Here en in die krag van Sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel."*

Die Boodskap: *"As Christene moet julle in hierdie lewe sterk staan, maar julle kan dit alleen doen as julle naby die Here bly...Trek die klere aan wat God vir julle gegee het om mee te veg sodat die duiwel julle nie sommer om die eerste hoek en draai met al sy slim planne oorrompel nie."*

Sonder God se wapenrusting sal ons nie staande kan bly teen die aanvalle wat teen ons kom nie. Maar, loof die Here, dat Hy ons genoeg wapens gegee het om onsself goed te bewapen. Bewapen jouself ten volle want die duiwel sal jou aanval op daardie deel in jou lewe wat die swakste beskerm is. Onthou: Dit is die swakste plek in 'n gebou wat eerste kraak en ineenstort. Dit is die swakste plek in die mens se liggaam wat eerste aangetas word deur siekte. Die sielevyand sal fokus op daardie swak plek in jou lewe. Daarom is dit belangrik dat jy elke dag beskut sal wees met die volle wapenrusting van God. Paulus praat in ons Skrifgedeelte van 'n wapenrusting wat uit sewe dele bestaan: Hy begin met waarheid (wat soos 'n belt die vermoë het om aanmekaar te hou) geregtigheid (die wete dat God jou van al jou sondes vrygespreek het) bereidheid (om altyd gereed te wees om ander te vertel van Christus) geloof (wat soos 'n skild al die bose se pyle keer voordat dit jou tref) verlossing (wat soos 'n ysterhelm jou denke beskerm) die woord (wat soos 'n magtige swaard in jou hand is) en gebed (wat jou manier is om met God te praat) Wow! Maak seker dat jy deeglik bewapen is!

In Hom is jy vandag meer as 'n oorwinnaar.
Hierdie wapens is tot jou beskikking gestel – maak dit jou eie.
Pak jou probleem aan in die Naam van die Here, want Hy is jou krag en sterkte.

# Hy wat sy gees beheers

**Spreuke 16:32** *"Die lankmoedige is beter as 'n held; en hy wat sy gees beheers, as een wat 'n stad inneem."*
Die Lewende Bybel: *"Iemand wat geduldig is, is groter as 'n oorlogsheld, en iemand wat homself kan beheers, is groter as iemand wat 'n stad inneem."*

Selfbeheersing is die vermoë om nie jou emosies altyd vir almal te wys nie en nie te doen wat jou gevoelens wil hê jy moet doen nie. Selfbeheersing is dus beheer van self.
Wat baat dit om hoogtes te bereik in besigheid; politiek; studies en in sport – maar jy het nie beheer oor jou eie gees nie? God het Sy Gees aan ons gegee om ons hierin te help. Ons lees in: 2 Tim. 1:7 *"Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing."* Die Lewende Bybel praat van *"selfdissipline"* Jy het selfbeheersing (of dan selfdissipline) nodig as jy jou probleme en uitdagings wil oorwin.
Indien Dawid dit nie gehad het nie sou hy nooit Goliat kon oorwin nie. Toe hy kos geneem het na sy drie oudste broers in die oorlog het hy daar opgedaag net toe Goliat weer vir Israel uitgedaag het om 'n man te gee teen wie hy kon veg. Eliab, sy oudste broer, het hom huistoe verjaag omdat hy navrae gedoen het oor wat koning Saul as vergoeding sou gee vir die man wat Goliat verslaan. Dawid kon homself beheer daarom kon hy vir sy broer gesê het: *"ek vra maar net"* Selfs toe hy Goliat geantwoord het, terwyl dié hom beledig het, wys dat hy sy gees kon beheers. (1 Sam. 17:45-47)
Indien jy jouself nie kan beheer nie, is jy oop vir enige aanval. Spreuke 25:28 stel dit so duidelik: "*'n Afgebreekte stad sonder muur, so is 'n man wat sy gees nie kan inhou nie."*

Net die Here en jyself, ken die binneste deel van jou gees nie.
Jy weet of jy die toets sal slaag rakende selfbeheersing.
Oorwin eers jouself voordat jy jou probleme aanpak.

## Hoe kan ek bid om te ontvang?

**Johannes 15:7** *"As julle in My bly (aan My verbind bly) en My woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry."*

Die Boodskap: *"Maar julle, as julle altyd naby aan My bly soos 'n takkie wat aan 'n druiwestok vasgegroei is en getrou doen wat Ek vra, is daar vir julle regtig goeie nuus. Julle kan maar in gebed vra wat julle nodig het om goeie, vrugbare takkies te wees, want julle sal dit kry."*

Indien jy my sou vra hoe jy kan bid om te ontvang, sal ek kortliks soos volg antwoord:

Jy moet glo dat jy sal ontvang. Markus 11:24 *"Daarom sê Ek vir julle: alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry."* (Lees gerus Jak. 1:6-8)

Jy moet glo dat God in Sy grootheid bestaan en dat Hy jou wil beloon. Heb. 11:6 *"Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek."* God is nie 'n pret-bederwer nie, Hy wil jou seên en Hy wil voorsien. Jy moet vrede in jou hart hê wat jy van die Here vra. 1 Joh. 5:14 *"En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens Sy wil."*

'n Uitstaande antwoord op ons vraag is dat jy seker moet maak dat jy altyd naby die Here sal bly. En net jy kan hierdie antwoord gee. As ons in noue verhouding met die Here leef, sal ons in elk geval vra volgens Sy wil en sal dit vir Hom geen probleem wees om vir ons te gee wat ons vra nie.

Ons het 'n voorreg dat ons 'n God te dien wat gereed is om ons gebed te antwoord.

Moenie aanhou om daardie laste alleen te dra nie – Hy wag om van jou te hoor.

God kan baie meer doen as wat jy kan bid of wat jy kan verwag!

# Ons het ‘n kleed van lof

**Jesaja 61:1,3** *"Die Gees van die Here HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het om 'n blye boodskap te bring...om vir die treurendes in Sion te beskik dat hulle gegee word sieraad vir as, vreugde-olie vir treurigheid, 'n gewaad van lof vir 'n verslae gees..."*

Hierdie is ‘n profetiese woord wat Jesaja gegee het rakende Jesus Christus. Let veral op dat *"My"* is met ‘n hoofletter geskryf. Dit verwys dus nie na ‘n gewone mens nie maar na Jesus Christus.
Jesus se Vader het Hom gesalf om ‘n blye boodskap te bring, en dit is presies wat die evangelie is. Ons is dankbaar dat Hy gekom het om alle treurigheid weg te neem en *"vreugde-olie"* (blydskap) te gee. Wat my veral getref het is dat Hy aan ons gegee het *"'n gewaad van lof vir 'n verslae gee"* In die Engelse Bybel word gepraat van *"The garment of praise for the spirit of heaviness"* Daar is ook ‘n lied geskryf wat vandag in talle kerke gesing word, naamlik: “Put on the garment of praise” Die Hebreeuse woord “atah” wat hier as “kleed” vertaal word wys dat dit meer as ‘n kledingstuk is wat ons om ons draai – want die kleed van lof sal ons toevou dat niks negatiefs ons beïnvloed nie. Wanneer jy dus ‘n boodskap ontvang wat jou neerslagtig wil maak, moet jy dadelik jou kleed van lof om jou plaas sodat jy jouself sal beskerm teen enige treurigheid en neerslagtigheid.

God het aan jou ‘n kleed van lof gegee – beklee jouself.
Dit sal jou beskerm teen dit wat jou geloof wil beroof.
Die blydskap in die Here is jou beskutting. (Neh. 8:11)

# Lofoffer aan God

**Hebreërs 13:15** *"Laat ons dan onophoudelik deur Jesus aan God 'n offer van lof bring, dié lof wat aan Hom gebring word deur die lippe wat Sy Naam bely."*
New King James: *"Therefore by Him let us continually offer the sacrifice of praise to God, that is, the fruit of our lips, giving thanks to His name."*

Om God gedurig te loof en te prys, behoort nie moeilik te wees nie, maar tog verg dit dissipline. Daarom vind ons die woorde *"'n offer van lof"* en in Engels vind ons woorde soos *"offer the sacrifice of praise"*
As mens is ons probleem dat ons die Here wil aanbid soos wat ons groot geword het. Ons lees dat wanneer Israel opgeroep was om God te loof en te aanbid was daar sekere Hebreeuse woorde wat gesê het wat hul moes doen. Een woord wat sterk gebruik was is die woord "hallal" waar ons woord "halleluja" vandaan kom. Dit meen om God met entoesiasme te loof en te dank. Jy kan hierdie woord dus meer gebruik.
Wanneer woorde soos "yadah en todah" gebruik was het Israel geweet dat hulle God moes loof met uitgestrekte hande. 'n Mens steek tog hande op in oorwinning? (Neh. 8:5,6; Ps. 63:4) Jy is meer as oorwinnaar!
Wanneer Israel gevra was om 'n "barak" offer te bring, was dit om die Here te loof met hul besittings (1 Kron. 29) En wanneer "zamar en tehillah" gebruik was het hulle geweet om God te loof met sang en musiek instrumente (1 Kron. 25:6,7)
Die woord "shabach" was om hardop God te loof soos wat ons dit vind by die mure van Jerigo (Josua 6:20) Jy praat in elk geval nie "saggies" met jou mure van probleme nie?

As Miriam op 92 jaar God kon loof wat van ons? (Ex. 15:20)
Jy wil die Here loof – al is dit 'n offer – bring dit aan Hom.
Gebruik jou lippe vandag om Sy Naam groot te maak!

# Dissipline in Gebed

**1 Thes. 5:17** *"Bid sonder ophou."*

Die Boodskap: *"Praat met die Here elke keer as julle die kans het. Moet nooit moeg word om te bid nie."*

Kom ons wees eerlik met onsself – ons behoort gereeld te bid – maar wil nie aldag bid nie! Maar die vraag wat by my opgekom het was of ons werklik kan bid "sonder ophou"? Ja ons kan, want die Bybel sê ons kan.
Eintlik kan ons enige plek en op enige tyd bid – selfs wanneer ons motor bestuur – moet net nie dan jou oë toemaak nie!
Ek het al saam met mense op die sypaadjie gebid sonder dat ons ons oë gesluit het.
Die wonderlikste is om 'n spesiale plek en tyd te hê waar jy met die Here in stilte kan ontmoet. Ek het eenmaal gehoor van 'n prediker wat vir 'n vriend wat hom besoek het sy "Listening Room" gewys het. Hy het dit nie sy studeerkamer genoem nie, maar die plek waar hy stil raak om na God te luister, daarom het hy dit "Listening Room" genoem.
Gemeentes spandeer miljoene om mooi kerke te bou met die beste sitplekke; lugversorging en selfs 'n restourant. Ek veroordeel sulke gemeentes geensins nie. Jammer dat ons nie ook 'n veilige en klankdigte plek van afsondering by ons kerke inrig nie, sodat mense nag en dag op God kan kom wag. Daar is tog maniere om so iets veilig en effektief te kan maak.
Terwyl hierdie plekke nie beskikbaar is nie moet jy en ek onsself dissiplineer om stil voor die Here te raak, sodat Hy deur Sy woord met ons kan praat en ons deur gebed met Hom kan praat. Ja, bid kan 'n werk wees, maar gebed is 'n gesprek met God en behoort 'n vreugde te wees.

Hoe meer werk jy het – spandeer meer tyd in gebed.
Jy sal meer vermag op jou knieë as wat jy kan dink.
'n Mens sien in elk geval verder in gebed as wat jy anders kan!

**Wat weeg die swaarste?**

**Romeine 8:18** *"Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie."*

Die Boodskap: *"Ek is van een saak oortuig: al ons swaarkry weeg glad nie op teen die wonderlike lewe wat op ons wag in God se nuwe wêreld nie."*

Dit is asof Paulus 'n skaal geneem het en die swaarkry van die lewe op die eenkant geplaas het en die beloning wat vir God se kinders wag op die anderkant van die skaal geplaas het.
Vir Paulus was God se heerlikheid en seën meer werd as enige lyding en swaarkry.
Ek weet dat beloning en seëninge ontvang ons alreeds terwyl ons lewe, maar ek weet die beste lê nog voor. Moet dus nooit opgee om die Here te ken in al jou weê nie – want Hy sal jou beloon.
As ons heerlikheid gaan ontvang namate ons lyding gehad het, sal Paulus baie ontvang. Lees wat hy alles moes deurmaak terwille van die evangelie (2 Kor. 11:24-28) Ek is egter oortuig dat God al Sy kinders wil beloon. Ja, Sy weg is nie net vol rose nie. Hy sê in: Joh. 16:33 *"In hierdie wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin."*
Is daar nie teveel "bottel-babas" in die kerk nie? Dit is mense wat net gevoed wil word met melk en nie vaste kos soek nie – wat onbetrokke is want almal moet omsien na hulle belange.
Vir jou wat opreg God dien wil ek bemoedig deur te sê dat die swaarkry en druk wat jy ervaar kan nooit opweeg teen dit wat God vir jy wil gee nie. Lees weer 'n slag: 2 Kor. 4:16-18.

Neem vandag 'n skaal en weeg wat vir jou die swaarste weeg. Plaas swaarkry aan die eenkant van jou skaal en God se seëninge aan die anderkant.
Ek is seker jy gaan tot dieselfde gevolgtrekking kom as Paulus in ons teks?

# Die krag van jou getuienis

**Openbaring 12:11** *"En hulle (God se kinders) het hom (die duiwel) oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis..."*
Die Boodskap: *"Hulle het hom behoorlik gewen. Hulle wapens was die bloed van die Lam en die boodskap wat hulle met soveel oortuiging aan ander vertel het..."*

Dank God vir die bloed van Jesus maar dank Hom ook vir die krag wat daar is in ons getuienis. Moet nooit toelaat dat jou getuienis wat die Here vir jou gedoen het 'n geestelike dood sterf nie. As daar een ding is wat die duiwel sal wil reg kry in jou lewe is dit om jou getuienis dood te maak. Die duiwel het ook gepoog om Lasarus, wat Jesus opgewek het uit die dood, weer 'n keer dood te maak omdat baie deur hom in Christus geglo het. Ons lees daarvan in Joh. 12:9-11.
Dink terug hoe jy was net nadat jy tot bekering gekom het. Jy was vurig en kon nie ophou om te vertel wat Jesus vir jou gedoen het nie. Dit is wat Paulus ondervind het nadat Christus hom op die Damaskuspad ontmoet het. Ons lees in Hand. 9:20 *"En hy het dadelik Christus in die sinagoge verkondig, dat Hy die Seun van God is."* Die woord *"dadelik"* sê baie.
Die eerste tien jaar na Paulus se bekering het hy net sy getuienis aan mense gegee. Met dit het hy dorpe en stede geskud vir God se koninkryk. Die vrou wat met Jesus ontmoet het by die put het haar stad na Hom gelei net met haar getuienis. (Joh. 4:28-30) Jy het iets om te vertel – God wil jou getuienis ook gebruik. Moenie net glo dat jou lewe 'n getuienis moet wees nie, maar gebruik jou mond en vertel wat Hy vir jou gedoen het. Baie wag dat jy "die blye boodskap" sal bring.

As aanvalle teen jou kom, getuig van God se goedheid.
Moenie by die nood verby beweeg sonder om te getuig nie.
As jy skaam is vir Hom sal Hy skaam wees vir jou! (Mark. 8:38)

**Die bediening van versoening**
**2 Korinthiërs 5:18** *"En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van versoening gegee het..."*
Die Lewende Bybel: *"Dit is Hy wat vir Jesus Christus gestuur het om vrede te maak tussen Hom en ons, en nou stuur Hy ons om vir ander te vertel dat God met hulle vrede wil maak."*

Die "Amplified" Bybel stel dit so treffend: *"God gave to us the ministry of reconciliation – that by word and deed we might aim to bring others into harmony with Him."* Die bediening wat ons dus van die Here ontvang het is om deur woord en daad mense in harmonie met God te bring.
Vir baie jare gee ek lering oor "Ontdek jou Bediening" om gelowiges te help om hul bediening te ontdek en meer effektief vir die Here te wees want die meeste is onseker hieroor. Ek weet nie wat jou "Bediening" is in die kerk waar jy is nie? Ons teks vandag gaan egter oor baie meer as dit, naamlik dat Jesus Christus elkeen van ons "'n bediening van versoening" gegee het. Ons hoef nie 'n kursus hieroor by te woon nie.
Lees ons teks in die lig van die vorige vers: *"Daarom as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword."* (2 Kor. 5:17)
Die oomblik toe ons 'n nuwe skepsel in Christus geword het, het Hy ons 'n bediening van versoening gegee. Is jy bereid om 'n "vredemaker" te wees? Jesus sê in Matt. 5:9 *"Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word."*

Jou bediening as kind van God is om die boodskap van versoening te verkondig.
Met woord en daad moet ons mense in harmonie met God bring – werk vandag daaraan.
Jy kan dit alleenlik doen as jy ware vrede in jou eie hart het.

## **Wees ‘n sterk leier!**

**1 Timoteus 3:1** *"Wat ek nou sê, staan soos ‘n paal bo water; as iemand baie graag ‘n leier in die gemeente wil wees, wil hy ‘n belangrike en goeie werk in die gemeente doen."*
(Die Boodskap)

Wees iemand in die kerk; in sport; in besigheid en as ‘n student (ja, net daar waar jy woon) wat ‘n sterk leier wil wees sodat jy ander kan inspireer om jou na te volg. En onthou altyd dat as jy ander wil help om ‘n leier te wees moenie net aan hulle opdragte gee om uit te voer nie, maar gee hulle gesag om dinge te kan doen. ‘n Mens groei in leierskap as jy vertrou word om verantwoordelikheid te aanvaar. ‘n Prediker by name van Craig Groeschell het die volgende groot waarheid gesê: *"If you give someone a command you make a follower. If you give them authority, you make them a leader."*
As ek Gen. 1:26-28 reg verstaan het God ons as mens gemaak om te heers en vrugbaar te wees. Moenie iets minder as dit aanvaar nie. Glo dat jy nog baie meer kan bereik as wat jy tot hiertoe in jou lewe bereik het. Jesus het in Mark 9:23 gesê: *"...as jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo."* God kyk na Gideon en sien beslis baie meer in hom as wat hy in homself gesien het. Gideon sien in homself iemand wat gebore is in die swakste stam in Israel en hyself die geringste in sy familie. Maar God sien in hom ‘n dapper held. (Rigters 6:12-16)

Sien in jouself wat God van jou gemaak het – ‘n totale nuwe mens volgens 2 Kor. 5:17.
Haal ook die woorde "ek kan nie" en "dis onmoontlik" uit jou woordeskat uit.
Glo wat geskryf staan in Fil. 4:13: *"Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee."*

## Sy gebooie is nie swaar nie

**1 Johannes 5:3,4** *"Want dit is die liefde tot God, dat ons Sy gebooie bewaar; en Sy gebooie is nie swaar nie. Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld..."*

Die Boodskap: *"Om God lief te hê beteken om Sy opdragte ernstig op te neem en uit te voer. Wat Hy van ons verwag, is nie moeilik om te doen nie, want elke kind in die familie van God is 'n wenner, 'n wenner oor hierdie sondige wêreld..."*

God se gebooie is nie swaar om te hou nie, maar die duiwel wat 'n harde meester is, se gebooie is. Om God tevrede te stel kos egter dissipline. "Dissipline" is die vermoë om onder gesag te werk en om reëls en standaarde (of dan waardes) te gehoorsaam. Maar wat so wonderlik is, is dat God in my werk om Sy wil te doen en dan gee Hy my nogal die krag om dit te doen. In Fil. 2:13 word dit so duidelik gestel: *"Want dit is God wat in julle werk – Hy gee julle die begeerte om te doen wat Hy graag wil hê en dan gee Hy julle ook nog die krag om dit te doen."* (Die Lewende Bybel)
Lees weer ons teks in die vertaling van "Die Boodskap" dan sal jy sien dat Sy opdragte nie moeilik is om te doen nie en dat jy as kind van God 'n wenner is, 'n wenner oor hierdie sondige wêreld.
Ek weet nie watter taak jy vandag moet doen nie – ek weet ook nie watter laste daar op jou skouers rus nie? Maar dit weet ek dat as jy 'n taak en opdrag van God ontvang het om te doen sal Hy jou verseker die krag en wysheid gee om dit te kan doen. Die Here sal ook nooit toelaat dat jy bó jou kragte versoek word nie, maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat jy dit sal kan verdra. (1 Kor. 10:13)

Skep dus nuwe moed vandag – want jy sal dit maak.
God het belowe om met jou te wees al die dae van jou lewe.
In Jesus sal jy vrede hê want Hy het die wêreld oorwin.
(Joh. 16:31)

## Bid gedurig en moenie moedeloos word nie

**Lukas 18:1** *"En Hy het ook aan hulle 'n gelykenis vertel met die oog daarop dat 'n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie."*

In hierdie Skrifgedeelte het Jesus vertel van die gelykenis van die weduwee en die onregverdige regter. Die regter het geen vrees vir God gehad nie en geen respek vir enige mens nie. Niks het haar egter afgesit nie en sy het net eenvoudig aangehou vra wat sy nodig gehad het. Hy was bang dat sy hom in die gesig sou slaan, omdat sy desperaat was, daarom het hy aan haar gegee wat sy gevra het.

Jesus se boodskap aan ons uit hierdie gelykenis vind ons in vers 7: *"Sal God dan nie reg doen aan Sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie, al is Hy ook lankmoedig in hulle geval?"*

As jy moedeloos is moet jy meer bid, want hy wat gedurig bid word nie moedeloos nie – en hy wat maklik moedeloos word bid nie gedurig nie. Om gedurig te bid beteken om aan te hou bid totdat jy die antwoord kry.

Kan 'n mens dan meer as eenmaal vir iets bid? Ja, jy kan, want Jesus het meer as eenmaal vir iemand gebid wat blind was. Nadat Jesus die eerste keer gebid het, het die blinde man mense soos bome gesien en na die tweede keer se bid kon hy almal van ver af duidelik sien. (Markus 8:22-26) Elia het op Karmel eenmaal vir vuur gebid, maar sewe maal vir die reën. (1 Kon. 18)

Moenie moedeloos word nie – dit is soms die laaste sleutel in die bos wat die deur oopsluit.

God is 'n beloner van dié wat Hom soek. (Heb. 11:6)

Dawid sê in Psalm 65:3 *"o Hoorder van die gebed, tot U moet alle vlees kom."*

**"Staan op, mens"**

**Eségiël 2:1,2** *"En Hy het vir my gesê: Mensekind, staan op jou voete, dat Ek met jou kan spreek. En die Gees het in my gekom sodra Hy met my gespreek het, en my op my voete laat staan; en ek het Hom gehoor wat met my gespreek het."*

Die Boodskap: *"Die stem wat met my gepraat het, het duidelik gesê: Staan op, mens. Ek wil vir jou iets sê. Toe ek die stem hoor, het dit gevoel of ek regop geruk word. Ek het besef dat dit die Gees van die Here was wat oor my gekom het. Ek het krag gekry om regop voor die troon te gaan staan. Toe het ek goed na die Here se stem geluister."*

Vir hulle wat in hul gees platgeslaan is – en as jy nie vandag daar is nie, sal jy daar kom – kom die duidelike boodskap: "Staan op, mens"

Voel jy vandag soos Josua toe hy in die stof gaan lê het nadat Isarael teen die stad Ai verloor het? Vir hom het God daardie dag gesê: *"Staan op; waarom tog lê jy op jou aangesig?"* (Josua 7:6-10)

Voel jy soos Elia onder die besembos waar hy gebid het dat hy liewer moet sterf? Maar die engel van die Here vir hom gesê: *"Staan op, eet, anders is die pad vir jou te veel."* (1 Kon. 19:7)

In jou gees voel jy só teleurgestel oor dinge wat in jou land gebeur? Moontlik verwyt jy jouself vir wat jy verkeerd gedoen het – ja, jy voel jy het dit nie gemaak nie? Mense het jou teleurgestel? Die druk op jou finansies het jou op jou knieë gedwing? Moontlik is dit probleme in jou huwelik? Luister na vandag se boodskap: *"Staan op, mens. Ek wil vir jou iets sê."*

God wil met jou praat, maar dan moet jy in jouself opstaan. As jy in 'n hopie gaan lê sal jy nie Sy stem duidelik hoor nie. Gaan was jou gesig en sing 'n lied wat Sy Gees vir jou sal gee om te sing.

# Laat die Gees jou lei

**Johannes 16:13** *"Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei...en die toekomstige dinge aan julle verkondig."*
Die Boodskap: *"Maar as die Heilige Gees eers hier is, sal Hy julle hand vat en julle met die paaie van die waarheid langs lei...Verder sal Hy julle ook voorberei vir alles wat nog vir julle voorlê."*

Laat toe dat die Heilige Gees vandag jou by die hand vat en jou op die regte pad van waarheid lei. Hy ken die pad vorentoe en Hy weet wat vir jou en jou gesin voorlê. Vertrou Sy leiding want Hy word genoem "Die Gees van waarheid"
Neem nooit 'n besluit in moedeloosheid nie, want gewoonlik is dit die verkeerde besluit. Voordat jy enige finale besluit neem moet jy seker maak dat jy vrede in jou hart het. Al sou daar geestelike storms om jou woed, moet jy net verseker wees dat daar in jou gemoed vrede is, voordat jy jou besluit neem.
In Kol. 3:15 (Die Lewende Bybel) lees ons: *"Die vrede wat Christus ons gee, moet in julle harte die skeidsregter wees as julle oor iets twyfel..."*
As hierdie "skeidsregter" binne jou die "fluitjie blaas" moet jy weet iets is nie reg nie! Maar as daar vrede in jou hart is kan jy wel voortgaan met die besluit wat jy moet neem.

Dank Hom vandag opnuut vir Sy Gees wat jou sal lei.
Besluite moet geneem word – die slegste is om geen besluit te neem nie.
Raak stil voor God, want Hy sal jou help en hoor! (Jes. 59:1)

# Ons manier van praat

**Matthéüs 12:35,37** *"Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart goeie dinge te voorskyn, en die slegte mens bring uit die slegte skat slegte dinge te voorskyn...Want uit jou woorde sal jy regverdig word, en uit jou woorde sal jy veroordeel word."*

Ons manier van praat is dus baie belangrik, daarom moet ons let op wat by ons mond uitkom. Die Boodskap vertaal ons teks met woorde soos: *"As jy luister na wat iemand sê, sal jy agterkom of sy gesindheid reg is en hy van 'binne' skoon is...Wat jy sê, is dus verskriklik belangrik. Immers, op grond van wat jy sê, sal God besluit of jou saak met Hom reg is of nie."*

Kan jy dink dat daar diegene is wat glo dat hulle onder 'n ongelukkige "stêr" gebore is? Hulle voel dat hulle net nie sukses kan bereik nie. Ek het al gehoor dat iemand sê dat hy net vir 'n "halwe brood" gebore is.

Wat maak hulle met wat Jesus gesê het in Joh. 10:10? *"Ek het gekom, dat hulle (jy en ek) lewe en oorvloed kan hê."* Praat lewe en praat oorvloed!

Die beste manier om reg te praat is om te praat wat in die Bybel geskrywe staan. Soos, dat Hy wat in my is, is groter as hy wat in die wêreld is. (1 Joh. 4:4) En dat jy 'n nuwe skepsel in Christus is. (2 Kor. 5:17)

En dat jy onder geen veroordeling leef nie. (Rom. 8:1)

Afgesien van om Bybelse tekse te gebruik in jou manier van praat, leer om reg te praat en vermy die ydele en negatiewe manier soos wat ander praat.

Wees oop vir oortuiging en help mekaar om reg te praat. Wat uit jou mond uitkom sal jou manier van lewe bepaal. Ek deel die volgende waarheid met jou: *"Our talk always proceed our walk."*

# Wees stil tot God

**Psalm 62:2,6** *"Ja, my siel is stil tot God; van Hom is my heil...Wees net maar stil tot God, my siel, want van Hom is my verwagting."*

Die Boodskap: *"Ek het vir myself gesê: Word stil en rustig by die Here. Om by Hom te wees gee vir my hoop. Ek vertrou Hom. Hy beskerm en red my."*

Mense het al by my gekom met groot probleme en raad gevra wat hulle moet doen. Soms was my antwoord aan hulle dat hulle niks moet doen nie. Wat ek eintlik by hulle wou tuisbring is dat daar tye is dat jy net alles totaal in God se hande moet laat en Hom vertrou. Stilte bring vrees by baie mense, daarom dryf dit hulle na geraas en na die skares. Innerlike stilte se waarde is dat dit ons help om God se stem beter te hoor.
Ons moet ook leer om op te hou om altyd dinge self te wil oplos en die Here te vertrou om sake vir ons te hanteer. Natuurlik is daar tye dat ons iets self moet doen. Maar daar is tye dat ek net moet stil wees voor God en werklik niks uit myself moet doen nie.
Een ding moet ons weet en dit is dat God nooit laat is nie en dat Hy nooit halwe werk doen nie. Vir Moses het die Here gesê in Ex. 14:14 *"Die Here sal vir julle stry, en julle moet stil wees."* Hierdie woorde het God vir Moses gesê net toe hulle by die Rooisee gekom het en terwyl Farao met sy leermag op Israel afgestorm het om hulle te vernietig. Israel was vasgekeer en tog sê God hulle moet stil wees! Die Here het daardie dag vir Israel 'n pad deur die see gemaak en is vandag instaat om vir jou 'n pad te maak al was daar voorheen nog geen pad nie.

Raak rustig en praat met jouself hier in jou binneste.
As jy waarlik glo sal jy nie haastig wees nie. (Jes. 28:16)
Innerlike stilte maak ons spraakloos, maar help ons luister.

## **'n Streep om my voete!**

**Job 13:27** *"U trek vir U 'n streep om die sole van my voete."*
The Amplified Bible: *"You set a circle and limit around the soles of my feet (which I must not overstep)"*

Voorwaar 'n treffende teks vir heiligmaking! Want alles binne hierdie sirkel behoort aan die Here. God is jaloers oor ons en wil 100% van ons besit – nie net 'n deel van ons lewe nie.
As ek uit die sirkel, wat God getrek het sou beweeg, dan beweeg ek uit Sy beplanning vir my lewe. Ons hoor dikwels Christene vra: Is hierdie ding 'n sonde? Mag ek daarheen gaan? Is hierdie ding wat ek doen toelaatbaar? Waar kan ek nou eintlik die streep trek? Ons het nie die streep getrek nie, want God het dit reeds getrek.
Hierdie streep wat God getrek het, is nie 'n wye sirkel nie. Dit is ook nie om my skoene getrek nie, maar om die sole van my voete. Ons kan as Sy kind nie maak wat ons wil nie – alleenlik wat Hy wil.

Daar is meer te leer uit ons teks en dit is dat die Here 'n streep om ons getrek het om alles binne daardie streep te beskerm. Vrees dus vir geen aanval teen jou lewe nie want jy en alles wat jy is behoort aan Hom.

Gee jouself aan God en dank Hom vir die streep om jou voete. Dank Hom ook vir die beskerming wat Hy jou elke dag bied. Indien jy uit daardie streep beweeg het, sê vir Hom jy is jammer.

## Metgeselle van Jesus

**Handelinge 4:13** *"En toe hulle die vrymoedigheid van Petrus en Johannes sien en verstaan dat hulle ongeleerde en eenvoudige manne was, was hulle verwonderd en het hulle as metegeselle van Jesus herken."*

Die Nuwe vertaling sê: *"Die raadslede het hulle erken as volgelinge van Jesus."* Ek hou nogal van die woorde "metgeselle van Jesus" Ek vertrou dat jy 'n ware "metgesel" of dan "volgeling" van Christus is? Die plekke wat jy besoek; die taal wat jy praat en hulle wat jou vriende is sal eintlik die antwoord gee. Daar moet tog verseker 'n verskil wees van die wat die Here dien en die wat Hom nie dien nie?
Die vraag is: Hoekom was Petrus en Johannes herken as metgeselle van Jesus? Die antwoord is dat die mense gesien het dat hulle vrymoedigheid in God se dinge gehad het. Sonde beroof jou van jou vrymoedigheid.

In 1 Joh. 3:21 lees ons: *"Geliefde, as ons hart ons nie veroordeel nie, dan het ons vrymoedigheid teenoor God."*
Jou gewete waarsku altyd teen die kwaad en moedig die goeie dinge aan in jou lewe. Iemand het dit só gestel: *"Vertrou daardie man in niks wat nie 'n gewete het in alles nie."*
Omdat die mense die lam man wat genees was by hulle sien staan het (vers 14) het almal geweet dat hulle met Jesus gewandel het. Ons geestelike resultate is 'n bewys dat ons met Hom wandel.

Vroeër het ons die koortjie gesing: *"He walks with me and He talks with me."*
Maak seker dat jou wandel met Jesus mense sal laat besef jy behoort aan Hom.
Jou goeie werke moet Christus verheerlik. (Matt. 5:16)

# Raak dit julle nie?

**Klaagliedere 1:12** *"Raak dit julle nie, julle wat met die pad verbygaan?"*

Jeremia, die profeet, het hierdie woorde neergeskryf aangaande die treurige toestand van Israel. Jerusalem word hier voorgestel as 'n weduwee – beroof van haar beskerming en haar besittings. Sy het nou 'n slaaf geword. In vers 18 roep sy uit: *"...my jonkvroue en my jongmanne het in gevangenskap gegaan."* Verwysende na hul gevangenskap in Babilon.
Dit moet ons raak as ons om ons kyk en ons sien dat Sy kerk nie altyd in oorwinning leef nie. Baie was eers vurig vir God en kerkdienste was nooit te lank nie. Inteendeel hulle kon net nie genoeg daarvan kry nie.
Ek onthou nog toe ons as gesin tot bekering gekom het en ons leraar ons daardie eerste week besoek het. Op navraag van my moeder het hy die weeklikse program van die gemeente verduidelik. Haar woorde aan hom tref my nog as ek daaraan dink: "Is dit maar al dienste wat daar is per week? Ek wens daar was elke dag 'n diens." Hy het net daar uitgebars in trane omdat hy nie kon glo dat daar nog mense is wat meer dienste soek nie. Dit moet ons raak as ons na die louheid kyk wat daar in ons gemeente is. Jy en ek behoort iets daaraan te doen – vra die Here wat Hy van jou begeer om hierin 'n verskil te maak. Ons as Christene behoort mense te wees wat oorborrel van vreugde en wat nie ons byeenkomste verwaarloos nie. (Heb. 10:25)
Raak dit jou as iemand 'n geliefde verloor het? Raak dit jou as 'n kind van God in sonde geval het? Raak dit jou as iemand worstel met siekte? Raak dit jou as iemand nie 'n warm kombers het nie?

Ek praat al lankal dat ons moet bid vir die gawe van raaksien. As die Here jou iemand wys wat hulp nodig het – doen iets omtrent dit.
Asseblief! Moenie net met die pad verbystap en jou oë sluit nie!

## Soek jy nuwe lewe in jou gees?

**Genesis 45:27** *"Maar toe hulle hom al die woorde van Josef te kenne gee wat hy met hulle gespreek het, en hy die waens sien wat Josef gestuur het om hom te vervoer, het die gees van Jakob, hulle vader, lewendig geword."*

Jakob het grootgeword in 'n verdeelde huis waar sy ma hom voorgetrek het en sy pa vir Esau, sy broer. Hy moes vlug vir Esau omdat hy hom beroof het van sy eersgeboortereg. Hy het met 'n engel geworstel en mank daaruit gekom. Hy was bedrieg deur sy seuns rakende die dood van sy geliefde seun, Josef. Swaarkry het voorwaar 'n merk op hom gemaak en nou is hy 'n ou man, met 'n gebroke hart.
Dit wat in ons teks staan vertel ons dat die boodskap wat Jakob gehoor het van Josef, het nuwe lewe in sy binneste gebring. Wat was dit? Josef se boodskap was dat dit wat met hom gebeur het was deur God beplan. (verse 5,8) Dat God hom 'n regeerder gemaak het. (vers 10) Dat hy vir sy vader op sy ou dag sal kan sorg. (vers 11) Dat hy 'n geseënde man in Egipte is. (vers 13) Maar seker die belangrikste was dat hy en sy broers versoen het! (vers 15) Toe Jakob dit alles hoor het sy gees weer lewendig geword. Dit is 'n boodskap wat verseker iets in jou gees sal bewerk?

Wat met jou gebeur het sal meewerk ten goede. (Rom. 8:28)
God sal vir jou voorsien in wat jy nodig het. (Heb. 11:6)
Bó alles sal daar nuwe lewe in jou gees kom as jy kan versoen!

# Uitgekies om te gebruik

**Handelinge 22:12-14** *"'n Sekere Ananias...het na my toe gekom...Hy het by my kom staan en gesê:...Die God van ons voorvaders het jou uitgekies om Sy wil te ken, die Regverdige te sien en Sy stem te hoor..."*

Die Boodskap vertaal ons teks: "God het 'n spesiale taak vir jou. Hy het jou persoonlik uitgekies." Ons Skrifgedeelte was die woorde wat Ananias vir Paulus gesê het toe God hom uitgekies het om te gebruik.
Dit was net nadat Paulus tot bekering gekom het op die Damaskuspad. Hy was vir 'n paar dae blind en Ananias is deur God na hom gestuur om vir hom te bid sodat hy weer kon sien. God het hom gekies om Sy wil te ken en Sy stem te kan hoor. Net soos vir Paulus vind ons die hoofrede waarom God ons uitgekies het in vers 15: *"...want jy sal vir Hom by al die mense 'n getuie wees van wat jy gesien en gehoor het."*
Soos Paulus, is jy uitverkies – ja, gekeur om deur die Here gebruik te word. Jy is uitgekies om God se wil te ken. Luister dus nie soseer na ander se opinies nie, maar maak seker dat jy weet wat jou Vader se wil vir jou lewe is asook vir jou gesin en jou gemeente. Miskien vra jy hoe sal jy God se stem kan hoor? Sy stem sal jy vind as jy daagliks bereid is om jou Bybel met aandag te lees. Nie haastig nie, maar met aandag!

Besef opnuut dat jy vir God kosbaar is en uitgekies is.
Maak seker wat jou taak op hierdie stadium is en leef dit uit.
Die totale boodskap van die Bybel is: Om te luister en te doen.

## Vir God gesalf

**Psalm 89:21** *"Ek het Dawid, my kneg, gevind, met My heilige olie hom gesalf."*

Hier sê God dat Hy Dawid "gevind" het en toe het Hy hom met "heilige olie" gesalf. Elke keer as ek in 1 Sam. 16:13 lees waar Samuel vir Dawid as koning gesalf het, tref hierdie woorde my: *"...en die Gees van die Here het van dié dag af en verder oor Dawid vaardig geword..."* Wat jou siening ookal oor salwing is – deur die jare was my ondervinding dat wanneer jy iemand met olie gesalf het in die naam van die Here – het God se Gees op daardie persoon gekom.
Van salwing gepraat – het jy al ooit iemand in die naam van die Here met olie gesalf? Soos vir jou vrou toe sy siek was?
Mag jy? Natuurlik mag jy dit doen. Ek het al baie keer my vrou in die nag gesalf wanneer sy siek was – en elke keer (dank die Here daarvoor) het sy gesond geword.
Die salf met olie speel 'n besondere rol in die Bybel. Dit begin sovêr as in Ex. 40 waar God Moses opdrag gegee het om die tabernakel en alles wat daarin was te salf met heilige olie. Die priesters en leviete was ook met olie gesalf. Die rede hiervoor was dat God alles afgesonder het wat gebruik was om Hom te aanbid. God soek jou en my om Hom te aanbid. (Joh. 4:23,24)

My gebed is: Mag God jou opnuut salf met Sy Gees.
Mag jy ondervind dat Sy Gees jou aandoen met nuwe krag.
Mag jy 'n besondere dors ondervind na die Here en Sy Woord.

# Is die Kerk siek?

**Jesaja 1:5** *"Waar wil julle nog geslaan word, dat julle voortgaan met af te wyk? Die hele hoof is siek, en die hele hart is krank."*

Watter geweldige klag! Hierdie was 'n klag teen die toestand van Israel. Nagetief ja, maar is dit nie ook die toestand van die kerk vandag nie? Twee artikels in die nuutste "Juig" tydskrif (Jun/Jul 2014) onderstreep hierdie toestand. Die een is: "Die geestelike toestand van ons nasie." deur Isak Burger en die ander is: "Vind daar nog bekerings in die kerk plaas?" deur Dirkie van de Spuy. Jesus wil graag 'n kerk aan Sy Vader voorstel *"...sonder vlek of rimpel..."* (Ef. 5:27) menende skoon van sonde en nie 'n verouderde kerk wat gestagneer het nie. Kyk net na die geestelike moegheid asook die kragteloosheid van ons gemeentelede. Natuurlik nie almal nie, dit weet ons. Maar as statistieke waar is dat gemeentes gedra word deur ongeveer 30% van hul mense, kan dit nie 'n gesonde toestand wees nie. 'n Gesonde kerk sal 'n diensbare kerk wees. Die kerk is anders as die wêreld. Dr. Oswald Smith wat die predikant was van 'n gemeente in Toronto wat honderde Sendelinge uitgestuur het, het eenmaal gesê: *"The church has become so wordly and the world so churchy that you cannot distinquish the one from the other."*
Geestelik het ons siek geword omdat ons nie bid nie. Ons het verbittering toegelaat en bó alles het ons ons blydskap verloor. Wat sal genesing bring? Die Bybel gee die antwoord: *"'n Vrolike hart bevorder die genesing, maar 'n verslae gees laat die gebeente uitdroog."* (Spr. 17:22)

Jesaja gee die oplossing hoe ons gesond kan word. (Jes. 1:18)
Die vyand sal nooit God se kerk oorweldig nie. (Matt. 16:18)
Kom ons bid vir krag in Sy kerk om as 'n reus op te staan!

# Die vurige gebed

**Jakobus 5:16** *"...Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag."*

Die Boodskap: *"...God luister graag na mense wie se saak met Hom reg is."*

Net nadat Jakobus hierdie stelling gemaak het vertel hy aan ons dat Elia 'n mens net soos ons was en dat hy ernstig gebid het dat dit nie moet reën nie, en dit het toe vir drie jaar en ses maande lank nie gereën nie. Toe hy weer bid het God reën gegee. Weet dit dat Elia sewe keer gebid het voordat dit gereën het. Jy mag meer as eenmaal oor 'n saak bid – behou net jou vurigheid in gebed en moenie moedeloos word nie. Hou aan bid vir die redding en geestelike herstel van jou geliefdes. As jy bid dat iemand gesond moet word, moet jy nie skrik vir die naam van die siekte nie, maar bid volgens die beloftes wat God gegee het in Sy woord vir genesing. Reeds in die begin van die Bybel het God gesê: *"Ek is die Here wat jou gesond maak."* (Ex. 15:26) Moet niks minder as dit glo nie!
As jy bid vir werk moet jy nie een oomblik jou vurigheid in gebed verloor nie. Bid dat God jou Sy guns sal gee en jou aanstel in dié werk wat jy begeer. Ek het eenmaal ernstig saam met 'n man in Bloemfontein gebid en in een week was hy aangestel as bestuurder van 'n groot firma. Hy moes hierdie pos al jare tevore gekry het – met ernstige saamstem in gebed het God hom aangestel.
Bid met groter vurigheid vir jou huwelik óf vir iemand anders se huwelik. Die Lewende Bybel vertaal ons Skrifgedeelte met: *"...Die gebed van iemand wat in die regte verhouding tot God leef, het 'n kragtige uitwerking."* Mag jy elke keer as jy bid "'n kragtige uitwerking" sien plaasvind. Ps. 37:4 *"...verlustig jou in die Here; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart."*

Onthou altyd dat Elia 'n mens was, net soos ons.
As God hom kon antwoord met reën, kan Hy jou antwoord.
Wat nodig is, is dat jy met groter erns en vurigheid moet bid.

## Jy mag bid, maar aanvaar wat jy reeds besit

**Matthéüs 6:6** *"As jy bid, gaan na 'n stil plek toe waar niemand jou kan sien nie. Trek die deur agter jou toe en praat daar eenkant opreg met jou hemelse Vader. Hy sal sorg dat jy jou hemelse beloning kry."* (Die Boodskap)

Gebed is iets wonderliks! Gebed is 'n private gesprek met God. Daaroor kan daar baie gesê word. Wat baie verbasend is hoeveel keer ons die Here vra vir dinge wat ons reeds besit. 'n Pastoor vertel van sy tiener dogter wat saam met haar vriendin wou uitgegaan. Hy wou haar seën met sakgeld en het toe beduie waar daar 'n twintig dollar noot in die huis was, wat sy kon neem vir haarself. Sy het hom gegroet en was besig om die huis te verlaat, toe hy haar vra of sy nie die geld wil gaan haal nie? Haar antwoorde was: "Dankie pappie, ek het dit reeds geneem, want ek het geweet jy sou dit in elk geval aan my gegee het, want wat joune is weet ek behoort ook aan my" Dit is nie verkeerd om die Here te vra wat jy nodig het, maar neem in besit wat reeds joune is. Dink aan die wonderlike waarhede in Efesiërs 1. Ons vra die Here om ons te seën, terwyl ons in elk geval die geseëndes van die Here is. Vra as jy wil, maar asb. aanvaar dat God jou geseën het met alle geestelike seëninge volgens Ef. 1:3. Volgens Ef. 1:7 is jy verlos deur Jesus se bloed. Dit moet jy glo en daarvolgens moet jy leef. Jy mag vir God sê dat jy jammer is oor iets verkeerd wat jy gedoen het, maar jy moet nooit glo dat jy jou verlossing en vergifnis verloor het nie. Dieselfde moet jy doen as daar 'n tekort is in jou finansies. Bid daaroor, maar vergeet nie dat God sal vir jou voorsien in al jou behoeftes na die rykdom van Sy heerlikheid. (Fil. 4:19)

As jy met geloof praat – praat jou hart en nie jou verstand nie.
Bring jou mond en jou hart in lyn met God se woord.
Jy mag bid – maar glo en aanvaar die beloftes in die Bybel.

# Dra mekaar se laste

**Galasiërs 6:2** *"Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus."*

**Romeine 15:1** *"En op ons wat sterk is, rus die verpligting om die swakhede te dra van die wat nie sterk is nie, en nie onsself te behaag nie."*

Om mekaar se laste te dra is ons plig maar ook ons voorreg. Soms is dit net 'n eenvoudige woord wat jy sê wat iemand moed gee. Soos dié dag toe 'n dame my as 'n jong Christen bemoedig het om my laste aan Jesus oor te gee, en dit nie self te dra nie. Haar woorde was: *"Jou skouers sal nooit groot en sterk genoeg wees om jou laste te dra nie, maar Jesus se skouers wel. Gee Hom die geleentheid om dit vir jou te dra."*
Moenie jou laste alleen probeer dra nie! In Matt. 11;28 sê Jesus: *"Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee."*
As dit 'n siektelas is wat jy dra, van jouself of 'n geliefde, moenie dit alleen dra nie. Deel dit met iemand om saam met jou te bid, want daar is geweldige krag wanneer ons saamstem in gebed. (Matt. 18:19)
Dra jy 'n finansiële las? Ek bemoedig jou met Deut. 16:15, wat lees: *"...die Here jou God sal jou seën in al jou inkomste en in al die werk van jou hande; en jy moet net maar vrolik wees."* Het jy gehoor? Jy moet net vrolik wees! Die blydskap in die Here is jou beskutting. (Neh. 8:11)
As jy bekommerd is oor jou kinders wat geestelik afgedwaal het, gee ek Jer. 31:16 *"So sê die Here: Bedwing jou stem van geween en jou oë van trane; want daar is loon vir jou arbeid, spreek die Here; en hulle sal uit die land van die vyand terugkom."* Glo die belofte – hulle sal terug kom!

Soos ek jou bemoedig het – doen dieselfde met iemand anders.
Vind iemand saam met wie jy kan bid en help 'n las dra.
Maak tyd en luister met aandag na iemand se probleme.

# Die regte tyd sal jy maai

**Galasiërs 6:9** *"En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie vertslap nie."*
New King James: *"And let us not grow weary while doing good, for in due season we shall reap if we do not lose heart."*

God het iets soos *"die regte tyd"* ('n regte seisoen) vir alle *"saad"* wat ons plant. Ons kan ook sê dat God 'n tydtafel het vir elke saad wat ons plant. Sy tydtafel is nie altyd ons tydtafel nie. Soms is God se tyd vinnig en ander kere neem dit 'n lang tyd. Ons kan reken op die volgende: God sal 'n oes gee op die saad wat ons saai. Ons oes kan dieselfde soort bring as wat ons gesaai het. Persoonlik het ek ondervind dat as ek klere gesaai het, het ek klere gemaai. As ek meubels gesaai het, het ek meubels gemaai. Tog besef ek dat God kan 'n oes gee soos Hy besluit om te gee.

'n Belangrike vraag is: Wat moet ons doen in die groeityd van ons saad? Weier om mismoedig te raak, deur te besluit om jou geloof aktief te hou. Hou aan om te gee en nogmaals te gee, want God se oes vir jou is gewaarborg. Moet nooit een oomblik jou verwagtig verloor nie. Hou vas aan 'n belofte soos in Luk. 6:38 *"Gee, en aan julle sal gegee word. 'n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word."*

Dit is seker normaal om soms moeg te word om te gee.
Moenie ophou gee nie – jou "regte tyd" mag naby wees.
As God dit op jou hart plaas om te saai het Hy reeds 'n oes vir jou voorberei.

## Wat liefde werklik beteken

**1 Korinthiërs 13:4-7** *"Om lief te hê, beteken om geduldig en vriendelik te wees. Dit beteken ook om goeie dinge vir ander mense te gun en nie te spog of hoogmoedig te wees nie. 'n Mens wat ander liefhet, is nie onmanierlik nie en dink nie net aan homself nie. Hy word nie gou kwaad nie en hou nie boek van die onreg wat ander teen hom doen nie. Oor verkeerde dinge kan hy nooit gelukkig wees nie. Dit is net die waarheid wat hom gelukkig maak. As 'n mens iemand liefhet, kan jy stilbly oor sy foute. Jy kan die beste dinge oor hom glo en die beste van hom verwag en nooit ophou om hom lief te hê nie."* (Die Lewende Bybel)

Hierdie gedeelte in die Bybel het God gebruik om my tot bekering te bring. As jongman was ek geneig om my humeur te verloor, maar 1 Kor. 13 het my geleer wat ware liefde is. As 'n mens waarlik liefhet verbeter dit jou gesindheid en jou geaardheid en maak van jou iemand wat rustig is in jou gees. Jy sal iemand wees wat mense na jou sal trek omdat jy vol vreugde en geluk is. Jy sal nie lelik wees as ander dinge het wat jy nie besit nie en nie net van jouself praat nie. Hoogmoed, swak maniere en selfsug sal nie in jou gevind word nie. Wonderlik! Die Bybel sê dat as jy werklik liefhet, hou jy nie boek van die onreg wat ander mense teen jou gedoen het nie. Verbrand dus daardie notas en vernietig daardie bandopnames. Verbittering bind jouself asook hulle wat dit veroorsaak het. Vergewe met jou hele hart en begin liewer boek te hou van die mooi dinge in die lewe. Die mooie sal die lelike oorwin.

Vra God om Sy liefde opnuut uit te stort – in ons. (Rom. 5:5)
Ons blaai nie 'n nuwe bladsy om nie, ons begin sommer met 'n nuwe boek.
Geloof en hoop is iets wonderliks, maar die grootste is die liefde. (1 Kor. 13:13)

# Wees nie ontsteld nie

**Johannes 14:1** *"Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God; glo ook in My."*

Die Lewende Bybel: *"Jesus sê toe vir Sy dissipels: Moenie verskrik word nie. Vertrou op God en vertrou ook op My."*

Daar is baie dinge wat ons kan ontstel. Slegte tyding en negatiewe nuus is in elk geval volop. Een ding wat jy nooit moet toelaat nie is om jou geloof in God te verloor nie. Om jou te ontstel is so goed soos om jou geloof in "tru-rat" te plaas. M.a.w. dit is die teenoorgestelde van geloof. Wanneer jy ontsteld wil raak kry weer 'n houvas oor dit wat noodsaaklik is. In Engels praat ons van: "You must go back to the basic's"
Die belangrikste ding in jou lewe is om altyd terug te gaan na God se beloftes in die Bybel, en om ook te glo wat jy in Christus is. Jy sal in Efesiërs 1 vind wat jy in Hom is. Dit is jou fondasie waarop jy moet bou.
Ek kry altyd moed as ek lees hoe Paulus opgetree het op 'n boot wat besig was om te vergaan. Hy het nie toegelaat dat die spanning op die boot asook die geweldige storm op die oseaan hom beroof het van sy vertroue in God nie. Voor al die bang bemanning kon hy uitroep: *"Daarom, hou moed, manne; want ek glo God..."* (Hand. 27:25) As hy ontsteld was sou hy hulle nie kon moed inpraat nie. Met die baie geestelike storms wat mense (en hul gesinne) wil verwoes, behoort jy en ek hulle te bemoedig om in God te glo. Besluit om dit vandag nog te doen – jy kan selfs iemand bel.

Besluit niks as jy ontsteld is nie – gewoonlik is dit verkeerd.
As jy ontsteld is sal jy jou vertroue in die Bybel verloor.
My boodskap aan jou is: Moenie ontsteld wees nie, glo in God!

## Die Here is my lig

**Psalm 27:1** *"Die Here is my lig en my heil: vir wie sou ek vrees? Die Here is die toevlug van my lewe: vir wie sou en vervaard (bang) wees?"*

Die Boodskap: *"Die Here help my deur my donkerste krisis. Sy hulp is soos 'n lig wat 'n mens in 'n pikdonker kamer aanskakel...Die Here beskerm my. Waarvoor sal ek dan bang wees?"*

Vir hierdie rede het ek nie altyd 'n geveg met die duiwel nie. Inteendeel, ek hoef nie elke keer as ek bid geestelike oorlogvoering te doen nie, want die siele-vyand is reeds oorwin aan die kruis.
As jy in 'n donker kamer gaan, veg jy nie met die donkerheid nie – al wat jy doen is om die lig aan te skakel. Net so moet jy maak wanneer jy agterkom daar is 'n aanval teen jou en jou huis. Bely dat God jou lig en jou heil is.
Ek weet van 'n weermag kapelaan wat in die tweede wêreld oorlog hierdie teks gebruik het om menige sterwende soldaat in sy laaste oomblikke na Christus gelei het. Dit was asof 'n lig elke keer deurgebreek het vir die soldaat wanneer hy hierdie teks herhaal het.
Dawid sê nie dat daar nooit donker wolke oor hom gehang het nie – maar hy vertel ons dat hy die Here as sy lig gehad het.
Hang daar 'n donker wolk oor jou? Is daar finansies wat druk? Siekte? Gesinsprobleme?
Maak in hierdie tyd net seker dat die Here jou lig en jou heil is, want dit sal alle vrees verwyder.

Mag die Here jou help deur jou donkerste krisis.
Mag Hy elke keer jou toevlug wees dat jy nooit sal vrees nie.
Mag God deur jou ook in hierdie dag 'n lig aanskakel vir ander in hul donkerheid.

## Die Here pas jou op

**Psalm 121** *"...Die Here sal my help. Hy het alles in die wêreld gemaak. Jy sal niks oorkom nie. God pas jou op. Hy sal nie aan die slaap raak as Hy jou moet oppas nie...God pas jou elke dag op teen allerhande moeilikhede en probleme...Die Here sal jou oppas waar jy ook al is: by die huis, by die werk of miskien êrens op pad..."* (Die Boodskap)

Hierdie Psalm word beskou as 'n "Pelgrimslied". 'n Pelgrim is 'n persoon wat na 'n heilige plek reis om daar te aanbid. Ons is dus almal "Pelgrimsreisigers". Psalm 121 se opskrif is "Op pad" omdat Israel dit gewoonlik gelees het wanneer hulle op reis gegaan het. Israel was daarvan bewus dat God hul Bewaarder is wat nooit sal sluimer of slaap nie, maar oor hulle wag hou. Jy en ek is elke dag ook "op pad". Vir sommige het die pad te veel geword, soos wat ons lees van Elia toe hy gevlug het vir sy lewe omdat Isébel hom wou doodmaak. God se engel het hom ontmoet in sy moedeloosheid en vir hom hemelse kos gegee om hom te versterk. Ons lees die volgende in 1 Konings 19:7 *"Staan op, eet; anders is die pad vir jou te veel."* Daarna het hy met nuwe krag selfs voor 'n strydwa uitgehardloop. God wil jou ook versterk en nuwe krag gee. Vir ander het die pad te nou geword. Dié pad is eintlik 'n nou pad. (Luk. 13:23,24) Soms is dit 'n ompad, soos in die geval van Israel toe hulle deur die woestyn getrek het. Dit het Israel 'n paar dae geneem om uit Egipte te trek, maar dit het God 40 jaar geneem om Egipte uit Israel te kry.

Neem kennis dat jy 'n Bewaarder het wat jou elke dag oppas. Hy sluimer of slaap nooit en gaan ook nie met vakansie nie. God pas jou op in jou huis, waar jy studeer, in jou werk en ook êrens op pad.

## ‘n Tweede geboorte

**Johannes 3:3** *"Daarop sê Jesus vir hom: Dit verseker Ek jou: As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie."*

Die Boodskap: *"Jesus antwoord hom toe: Weet jy, Ek wil nou vir jou iets belangriks sê. As iemand nie nog ‘n keer gebore word nie, sal hy sowaar nie deel word van die ryk waar God Koning is nie."*

Hier vind ons ‘n gesprek tussen ‘n leraar in Israel, Nikodemus, en Jesus. Dit gaan oor ‘n tweede geboorte wat elke mens moet ondergaan om deel te word van God se Koninkryk. Jesus het nie vir hom gesê: *"As ‘n slegte mens nie weer gebore word nie."* Jesus praat hier met ‘n leraar van Israel wat die Here se woord geken het, omdat hy dit studeer het.
Om op aarde te mag lewe het ons ‘n geboorte nodig. Maar om God se kind te kan word moet ons opnuut gebore word. Dit word ook genoem "Wedergeboorte". Dit vind plaas nadat ons vergifnis van ons sonde gekry het (1 Joh. 1:7,9) en Jesus aangeneem het as ons Saligmaker volgens Joh. 1:12. Jy vind dan dat jy ‘n nuwe skepsel geword het, soos wat ons lees in 2 Kor. 5:17 *"Daarom, as iemand in Christus is, is hy ‘n nuwe skepsel; die ou dinge het verby gegaan, kyk, dit het alles nuut geword."* Jy kan sondig, maar jy wil dit nie meer doen nie.
1 Joh. 3:9 *"As God vir iemand die nuwe geboorte gegee het, sal hy nie aanhou om sonde te doen nie, want God se lewe is nou in hom. Vir so iemand is dit nie moontlik om in die sonde te lewe nie, want God is nou sy Vader."* (Die Lewende Bybel)

Ek hoop jy het ook die getuienis dat jy weergebore is?
Tree dan op soos iemand wat ‘n nuwe skepsel in Christus is.
Laat almal jou goeie werke sien sodat God geprys kan word.
(Matt. 5:16)

**"Here, lei my vandag"**

**Psalm 143:8,10** *"Laat my U goedertierenheid in die môre hoor, want op U vertrou ek; maak my bekend die pad wat ek moet gaan,...Laat U goeie Gees my lei in 'n gelyk land."*

Die Boodskap: *"Elke dag wil ek hoor hoe U my liefhet, want ek vertrou U. Lei my asseblief op die regte lewenspad. Met my hele lewe is ek van U afhanklik...Laat U goeie Gees my lei sodat ek min probleme op my lewenspad het"*

Toe Dawid hierdie Psalm gedig het was hy onder groot druk. Ons lei dit af uit verse 3 en 4, waar hy geskryf het: *"Want die vyand vervolg my siel...En my gees versmag in my, my hart verstyf in my binneste."*

Of jy soos Dawid voel of nie, daar is altyd een gebed wat ons behoort te bid en dit is: *"Here, lei my vandag"*. Dank God vir Rom. 8:14: *"Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God."*

Indien jy leiding van die Here soek is die eerste ding wat jy altyd moet onthou om nooit te beweeg alvorens jy 'n duidelike woord van die Here gekry het nie. Dit sal tot jou kom deur die Bybel of 'n oortuiging wat die Heilige Gees in jou hart vir jou sal gee. Baie keer bevestig God die leiding wat jy nodig het deur iemand anders wat ook Sy kind is.

Die Here werk ook deur omstandighede wat in plek val sodat jy duidelik kan agter kom in watter rigting Hy jou lei. Maar seker die belangrikste vir my is die innerlike vrede wat Hy in my hart gee. Ja, hier binne weet jy net dat jy die regte besluit geneem het. En as daar nie ware vrede in jou hart is nie – moenie voort beweeg op jou pad nie.

Die lewe is 'n lewe van besluite. Goeie en verkeerde besluite. Die ergste van alles is wanneer jy geen besluit geneem het nie. Moenie vrees nie, want God sal vir jou die pad bekend maak wat jy moet gaan.

# Moenie moed opgee nie

**2 Korinthiërs 4:16** *"Daarom gee ons nie moed op nie, maar al vergaan ons uiterlike mens ook, nogtans word die innerlike mens dag na dag vernuwe."*
Die Boodskap: *"Ons gee nooit moed op nie, ook nie wanneer ons rondgestamp en mishandel word nie. Nee, dan byt ons eers vas, want God is die hele tyd by ons."*

Die HAT-Woordeboek beskryf "moed" as: "Dapperheid, onverskrokkenheid in gevaar of moeilikheid". Een ding wat ons nooit moet toelaat nie, is om nie moed op te gee nie.
Niks moet jou kan platdruk nie, want God is met jou. Dawid kon uitroep in Ps. 34:20 *"Menigvuldig is die teëspoede van die regverdige, maar uit dié almal red die Here hom."*
In hierdie lewe gaan dit nie alles oor die uiterlike en sigbare dinge nie. Dit gaan oor ons innerlike, dit wat nooit vergaan nie.
In 2 Kor. 4:18 sê Paulus: *"...omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelike, maar die onsigbare ewig."* Die belangrikste dinge in die lewe is nie dit wat ons kan sien en aan vat nie. Soms tree ons op of dit die geval is.
Wanneer jy weer in die spieël kyk en jy sien veroudering sluip nader, wees nie bekommerd daaroor nie, want in Engels word die gesegde gebruik: *"Grow graciously old"*

Jy moet God toelaat om jou innerlik te versterk.
Jy sal jouself versterk as jy gereeld jou Bybel lees en gemeenskap met Sy Gees het.
Gemeenskap met Sy Gees kan ook plaasvind as jy hardop tekse sê en liedjies sing – probeer dit!

**“Here, maak ons weer lewend”**

**Psalm 85:7** *"Sal U ons nie weer lewend maak sodat u volk in U bly kan wees nie."*

Die Boodskap: *"Help ons om weer nuut te begin lewe sodat U kinders vrolik en bly kan wees."*

My hele wese roep na herlewing – ek hoop jy ook? Bid hierdie gebed vir jouself asook vir jou gemeente. Ek dink aan ‘n lied wat ons gesing het: *"Here, laat U werk herleef. Stel U aan ons hier voor. Spreek nou met mag tot elke siel, en laat U volk tog hoor." Die koorvers: "Heer, laat U werk herleef. Terwyl ons op U wag. Daal nou, o Heer, in genade neer, en seën ons ook vandag."*

Blydskap en vreugde is altyd gekoppel aan herlewing. Mag God ons só ontmoet dat ons beker van blydskap sal oorloop. Wanneer Sy woord ingang vind in ons harte, kom daar ware blydskap. Jer. 15:16 *"Toe U woorde gevind is, het ek hulle opgeëet en U woord was vir my vreugde en vrolikheid vir my hart."* Sy woord sal dieselfde vir ons doen.

Ons passie vir gebroke mense moet herleef. Ons moet nie met ‘n leë motor kerktoe gaan nie. Reik uit na jou bure en hulle met wie jy saam werk en bring hulle na God se huis.

Dit het my getref toe ek gelees het van die herlewing in Hawai in 1837 waar God vir Titus Coan gebruik het. Hulle het ‘n gemeentekamp gehad wat twee jaar aangehou het. Tussen 2000 en 6000 het elke dag saamgekom om na God se woord te luister. Dwarsdeur die dienste was daar trane en uitroepe om genade. Talle het uitgeroep: *"Die tweesnydende swaard is besig om my in stukke te kap".* Baie spotters het tot bekering gekom. My gebed is: *"Here doen dit weer!"*

God se woord sal ons weer lewend maak. Lees dus die Bybel totdat dit met jou praat.
Dit sal, want God se stem is in die Bybel – dit is hoe Hy ook met jou praat.
Met gebed praat jy met Hom en Hy wil ons laat herleef!

**Omdat ons vrymoedigheid het**

**Hebreërs 10:19** *"Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus."*
Die Boodskap: *"My liewe vriende, ons hoef nou nie meer onseker of bang te wees om na God toe te gaan waar Hy in die Heiligste deel is nie. Ons kan dit doen omdat Jesus vir ons gesterf het."*

Ons hoef nie God in gebed te nader asof Hy vêr weg is van ons nie. Want toe Jesus gesterf het aan die kruis het God die voorhangsel in die tempel van bó tot onder geskeur. Onthou: Van God se kant af! (vers 20)
Terwyl jy en ek nou vrymoedigheid het om na God te mag gaan, wil die Here hê dat ons die volgende moet doen:
Lees vers 22: Gaan na God met 'n eerlike hart wat op Hom vertrou. Jy moet altyd glo dat God daar is en dat Hy 'n beloner is vir die wat Hom soek. (Heb. 11:6)
Lees vers 23 – Die Boodskap: *"Daarom kan ons sonder enige twyfel vashou aan die beloftes wat God aan ons gemaak het."* Glo dat wat God beloof het in die Bybel ook vir jou persoonlik is.
Lees vers 24: *"...en laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor..."* Dank God dat ons mekaar kan aanmoedig – ja, aanspoor om nog hoër hoogtes in Hom te bereik.
Lees vers 25 – Die Lewende Bybel: *"Laat ons dan nie ophou om na ons byeenkomste toe te gaan nie, al is daar party wat moedswillig wegbly."* Neem vrymoedigheid om iemand aan te moedig om weer kerktoe te kom.

Omdat jy skoon gewas is deur Jesus se bloed, het jy vrymoedigheid teenoor God.
Gebruik jou vrymoedigheid deur iemand in liefde aan te spoor.
Jou vrymoedigheid in die Here hou vir jou groot beloning in.
(Heb. 10:35)

# Om vry te spreek

**Lukas 6:37** *"Spreek vry, en julle sal vrygespreek word."*
The Amplified Bible: *"...acquit and forgive and release (give up resentment, let it drop) and you will be acquited and forgiven and released."*

Ek het altyd probeer raad gee wat ek self ook bereid sou wees om te doen, as iets my sou tref. Gelukkig vind ons altyd die beste en regte raad in die Bybel, soos wat Jesus hier leer in ons teks.
Gisteraand, die 23ste Julie 2014, was dit aangrypend toe ek op TV gesien het hoe die oorskot van die eerste veertig oorledenes na Nederland gebring was uit die Ukraine, nadat 'n passasiers vliegtuig van Malaysië (vlug MH17) met 'n vuurpyl afgeskiet was. Ons verneem dat die passasiers op pad was na 'n konferensie oor Vigs. Daar was glo 193 passasiers van Nederland en die totale passasiers wat gesterf het was 298. Die ontvangs van die oorskot van hierdie mense was so waardig gedoen. Ja, daar was woede en verslaenheid, maar ook 'n boodskap van versoening. Net daar het Jesus se woorde in ons teks my aangespreek, naamlik: *"Spreek vry, en julle sal vrygespreek word."* Maar die vraag is nou: Hoe kan hulle wat agter bly waarlik vryspreek? Net God kan en sal hulle daarin help. Ons kan maar net bid vir al die bedroefdes van elke land wat in hierdie vlug geliefdes verloor het. Mag selfs hierdie tragedie meewerk ten goede, soos wat ons lees in Rom. 8:28. Onthou 'n mens spreek nie ander vry omdat hulle dit verdien nie, maar omdat jy vry wil wees.

God is die regverdige Regter – aan Hom kom die wraak toe.
Jesus se boodskap is: *"Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie."* (Luk. 23:34)
Die Here kan waarlik vry maak – maar ons moet laat los!

## Pasop vir hoogmoed

**Romeine 12:3** *"Want deur die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen wat onder julle is, dat hy nie van homself meer moet dink as wat 'n mens behoort te dink nie..."*
Die Lewende Bybel: *"Nie een van julle moet teveel van homself dink nie, maar dink nugter as julle aan julleself dink."*

Moenie van jouself te min dink nie, maar moet beslis nie teveel van jouself dink nie. Pasop dus vir hoogmoed. Hoogmoed is iets baie gevaarliks, want in Spr.16:18 lees ons dat *"hoogmoed kom voor die val".*
Ons lees ook in 1 Pet. 5:5,6: *"...Almal moet trouens teenoor mekaar nederig wees en mekaar help, want God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade. Onderwerp julle daarom in nederigheid aan die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die tyd wat Hy bestem het."* Hoor jy? Hy sal jou op die regte tyd, Sy tyd, verhoog!
Die Bybel is vol voorbeelde van mense wat geval het omdat hoogmoed hul lewens oorheers het. Een van die treffendste voorbeelde is koning Nebukadnésar. In Daniël 4:29,30 vind ons waar hy homself verhoog oor wat hy alles in Babel vermag het. In die res van hierdie hoofstuk vind ons hoe hy uit sy paleis deur God verwyder was. Ons lees in vers 33: *"Dieselfde oomblik het die woord in vervulling gegaan oor Nebukadnésar – hy is uit die mensdom verstoot en het plante geëet soos die beeste...totdat sy hare lank geword het soos die vere van arende, en sy naels soos dié van voëls."* Dank God, hy is weer na sewe jaar herstel, nadat hy die Here in nederigheid aangeroep het. D.L Moody, die baie bekende evangelis, het eenmaal gesê: "God stuur niemand leeg weg nie, behalwe dié wat vol is van hulself."

"As jy jou stem verhef, laat dit net in lof tot God wees.
As jy jou vuis bal, laat dit net in gebed tot God wees.
En as jy iets eis, laat dit net van jouself wees." (Max Lucado)
(Oorgeneem uit die 24/7 Bybel)

## Wees ‘n ingeboude steen

**1 Petrus 2:5** *"...en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot ‘n geestelike huis..."*
Die Lewende Bybel: *"Julle moet nou die lewende stene wees waarmee die geestelike huis van God gebou word.."*

In die Bybelse tyd het hulle nie gebou met vierkantige stene soos wat ons dit vandag ken nie. In daardie tyd was met klippe en rotse gebou wat uit die veld opgetel was. Die bouer moes elke keer ‘n klip of ‘n rots gaan soek wat sou inpas in die opening waar dit nodig was. Soms moes dele van die klip weggekap word om dit mooi te laat inpas. Dit is wat God met ons gemaak het – en nog besig is om te maak – om ons in te bou in Sy geestelike huis. Die “kapwerk” wat Hy doen om jou en my te kry om in te pas in Sy plan, is nie altyd aangenaam nie. Dit sluit soms geestelike pyn en selfs onsekerheid in.
Al wat ons weet is dat die Here besig is om aan ons te werk sodat Hy ons kan inmessel waar Hy ons nodig het.
Lees weer met aandag die woorde in 1 Kor. 12:18: *"Maar nou het God elkeen van die lede in die liggaam gestel soos Hy gewil het."* Alles moet gaan oor die Here se wil. Ek hou ook van die woorde in 1 Kor. 12:25 wat sê: *"...dat die lede gelyke sorg vir mekaar mag dra."* Die een “steen” moet die ander een dra, want saam vorm ons ‘n sterk “geestelike muur” in God se gemeente. Kyk weer mooi na die woorde “gelyke sorg”
Los stene wat nie ingemessel is nie kan gesteel word. Hulle wat nie op die plek is waar God hul nodig het nie sal die geleentheid mis om ten volle ‘n bydrae te maak vir God se koninkryk.

Is jy, soos ‘n steen, “ingemessel” waar God jou nodig het?
Weet jy dat die Here besig is om in jou te werk? (Fil. 2:13)
As ingeboude steen versterk jy die ander stene – want saam is julle beter!

## Word verander!

**Romeine 12:2** *"Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe..."*
Die Lewende Bybel: *"Moenie agter die mense van die wêreld aangaan of soos hulle maak nie. Maar laat God julle lewe verander en julle gedagte nuut maak..."*

In Jeremia 48 is daar 'n treffende profesie teen die Moabiete. In vers 11 lees ons dat hulle van hul jeug af baie passief was en dat hulle gespog het dat hulle nooit 'n gevangene was nie. In hierdie vers vind ons woorde soos *"daarom het sy smaak in hom gebly en sy geur nie verander nie".* Jy sien, die Here wil hê dat ons 'n goeie geur van Christus sal versprei. Die hoof rede waarom Moab van sy geboorte nie kon verander nie, was omdat daar 'n groot fout was met sy geboorte. Sy geboorte was nie soos God dit beplan het nie. (Lees Gen. 19:36,37)
Vir ons is dit swaar om te verander. 'n Mens verander makliker wanneer jy leeg gemaak word van tradisie, verbittering en hoogmoed. Daarom is dit nodig dat God, deur 'n geestelike geboorte in ons harte, ons wil help om te verander. Hy alleen kan ons help om reg te dink – as ons Hom toelaat. Hoe doen die Here dit? Hy laat ons ontevrede voel met onsself. Maar die fout wat ons maak is dat ons dan net heeldag die duiwel wil bestraf, terwyl dit God is wat in ons werk om ons te verander. Die Here wil ons verander van 'n wettiese godsdiens tot 'n godsdiens van genade. Soveel so dat ons as gesin weer kan sing wanneer ons op reis gaan in ons motor. Ja, verander om voluit te leef.

Jesus het gesê ons is in hierdie wêreld, maar nie van hierdie wêreld nie. (Joh. 17:16)
Bepaal waar moet jy verander en wees gewillig om 'n "kopswaai" te maak.
Kom ons wees die sout van hierdie wêreld, sodat ons bederwing kan keer. (Matt. 5:13)

## God wil alles nuut maak

**Handelinge 3:19,21** *"Daarom, bekeer julle en kom tot inkeer. Dan sal God julle sondes uitwis... Hy (Jesus) moet in die hemel bly totdat God alles nuut gemaak het..."*
Die Lewende Bybel: *"Bekeer julle dan en kom terug na God toe en Hy sal julle sondes wegneem. Maar Hy moet vereers in die hemel bly tot die tyd wanneer God alles nuut sal maak..."*

God is besig om restourasie werk te doen in Sy kerk. Maar wanneer God dinge herstel dan doen Hy dit gewoonlik beter as wat dit voorheen was. Een van my gesegdes deur die jare is dat God doen in elk geval nooit halwe werk nie. Ons dink hier aan Job. Toe God hom herstel het was dit tot twee keer beter as wat hy voorheen verloor het. (Job. 42:10-12) Een eienskap van God is dat Hy altyd meer gee wanneer Hy herstel.
Ons sien uit na Jesus se wederkoms. As jy gereed is vir Sy wederkoms is jy gereed vir enige iets. Volgens ons teks is dit duidelik dat Jesus in die hemel sal bly totdat Sy kerk weer nuut gemaak is. Daar staan geskrywe dat Christus Sy kerk aan die Vader soos volg wil voorstel: *"...sodat Hy (Jesus) die gemeente voor Hom (die Vader) kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees."* (Ef. 5:27) Sonder "vlek" meen skoon van enige sondes, en sonder "rimpel" meen dat die kerk nie verouderd geraak het nie.
Ek weet God is besig om deur Sy Gees aan Sy kerk te werk om hierdie vernuwing te bewerk, want ek gewaar Hy werk ook aan my – ek hoop jy ondervind dieselfde?

God is besig om restourasie werk in ons harte te doen.
Mag jy ondervind dat wat die vyand van jou gesteel het, God dubbel sal vergoed.
Luister en doen wanneer die Heilige Gees in jou werk!

## Het jy die Heilige Gees ontvang?

**Handelinge 19:2** *"Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het? En hulle antwoord hom: Ons het nie eens gehoor dat daar 'n Heilige Gees is nie."*

Dit is treffend dat Paulus die gelowiges in Efese hierdie vraag gevra het. Hy het hulle so pas ontmoet en het skynbaar nie getwyfel dat hulle kinders van die Here was nie. Tog het hy agter gekom dat hulle ontbreek aan iets wat baie nodig was, daarom die vraag in ons teks: *"Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het?"*
Uit hierdie vraag lei ons af dat jy eers die Heilige Gees kan ontvang nadat jy gelowig geword het. Ek is van mening dat die sleutel woord hier is die woord "ontvang" – dit meen jy moet dit toelaat.  Lees gerus wat alles gebeur het nadat Efese hulle harte oopgemaak het om die Heilige Gees te ontvang. Die eerste wat met hulle gebeur het was dat hulle 'n honger na die woord van die Here gehad het om (let op) "daagliks" vir "twee jaar" God se woord te leer. (verse 9,10) Omdat God altyd Sy woord bevestig (Mark. 16:20) het wonders en tekens gevolg. (verse 11,12)
Die klimaks word bereik in hierdie gemeente wanneer ons lees dat hulle belydenis kom doen het van hul sondes en ontslae geraak het van dinge wat hul geestelik gebind het. (verse 18-20) Praat van herlewing in 'n gemeente, dan vind jy dit hier – alles omdat Efese Sy Gees ontvang het. Onthou altyd: Sy naam is "Heilige" Gees en as ek Hom toelaat in my hart sal Hy my lewe skoonmaak, net soos wat die Heilige Gees dit in die gemeente van Efese gedoen het.

Mag jy en ek altyd 'n begeerte hê om:
Die Heilige Gees toe te laat in ons lewens.
Elke dag tyd te maak in God se woord.
Skoner te word en ontslae te raak van wat verkeerd is.

# Is jou hart goeie grond?

**Hebreërs 6:7** *"Ons wat die Goeie Nuus oor Jesus Christus hoor, is soos die grond waarop die reën val. As 'n stuk grond genoeg reën kry en dan 'n goeie oes lewer, kry die boer wat dit bewerk het voordeel daaruit. God sal sulke grond nog vrugbaarder maak."* (Die Lewende Bybel)

Die eerste deel van Hebreërs 6 gaan oor mense wat die evangelie boodskap aanvaar het, maar wat God verlaat het. Vir hulle sal dit moeilik wees om weer gered te word.
Die vertaling in Die Boodskap stel dit soos volg in vers 6: *"En sê nou hulle wil ten spyte van dit alles niks meer met God te doen hê nie en hulle los die kerk. Wel, dit is nie moontlik om hulle weer 'n keer na God terug te lei nie."*
Tog verduidelik ons teks dat hulle wat die evangelie hoor se harte word vergelyk met grond wat reën ontvang. Genoegsame reën op goeie grond sal 'n oes gee. Saad wat geplant is sal een of ander tyd opkom as dit reën ontvang, indien die grond goed is. Dink maar aan saad wat vir baie jare in Namakwaland in die grond lê, tot op 'n dag dat daar reën kom en die saad laat ontkiem om die pragtigste blomme voort te bring.
Ek vra: Hoekom bring sekere mense in ons gemeente lieflike geestelike vrug voort en ander nie? Hulle almal sit tog onder dieselfde prediking van die woord? Ons lees in Matt. 13 in die gelykenis van die Saaier dat daar harte is wat meer klippe as grond het, ander wat weer deur dorings (sorge) gekeer word om vrugbaar te wees, en ander wat harde harte het. Die saad kan nie groei nie. Dank God dus vir voorbereide harte.

Die Bybel sê in Matt. 13:23: *"En by wie op die goeie grond gesaai is – dit is hy wat die woord hoor en verstaan, wat dan ook vrug dra en oplewer..."*
Die vraag is of ons harte goeie grond is, want die woord is goeie saad.

# Beheer jou gedagtes

**2 Korinthiërs 10:3-5** *"Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie...want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, terwyl ons planne verbreek...en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid van Christus."*

Dié tekse het ons baie gebruik in geestelike oorlogvoering, en dit was en is reg om dit te doen. Maar dit sluit ook ons eie gedagtes in wat beheer moet word. Die Boodskap het vers 5 soos volg vertaal: *"Elke hooghartige leuen wat die ware kennis van God probeer verdraai, loop ons met God se wapen onderstebo. En elke gedagte wat deur ons koppe gaan, neem ons gevange en lewer dit aan Christus uit."* Ons moet dus self sorg dat ons gedagtes onder Sy beheer moet kom. Joyce Meyer sê: *"Where the mind goes, the man follows."*
Ons gedagtes bepaal ons gesindheid; het 'n effek op ons verhoudings; ons finansies; gesondheid en ons emosies. Dit is asof ons gedagtes die enjinkamer van ons hele lewe is. Sukses begin by 'n gedagte, maar teleurstellings ook. Hoe ons dink is kragtiger as wat ons besef, want ons gedagtes beïnvloed elke deel van ons bestaan – positief of negatief.
Ons is die somtotaal van wat ons tot hiertoe gedink het. Ons lees in Spr. 4:23 *"Daar is baie dinge waarvoor jy mooi moet oplet, maar die belangrikste is dat jy jou gedagtes teen die sonde moet bewaak, want 'n mens se hele lewe word deur jou gedagtes beheer."* (Die Lewende Bybel)
Ek is van mening dat die meeste siekte nie in die liggaam ontstaan nie, maar in ons gedagtes.

Bedink die dinge daarbó en nie die aardse dinge nie. (Kol. 3:2)
Ons oorwin die verkeerde in die lewe deur die goeie te doen.
Neem beheer oor elke negatiewe gedagte deur dit te vervang met God se woord.

# Ons gesindheid

**Filippense 2:5** *"Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was."*
The Amplified Bible: *"Let this same attitude and purpose and humble mind be in you which was in Christ Jesus. – Let Him be your example in humility."*

Iemand het eenmaal vir my gesê dat die Bybel te "dik" is om te verstaan. My antwoord aan hom was, dat indien Hy God wou behaag moet hy die boodskap in Matthéüs 5,6 en 7 verstaan en doen. Hoekom het ek hom dié antwoord gegee? Omdat hierdie drie hoofstukke gaan oor gesindhede. Die opskrif bo-aan Matt. 5 in die Engelse Bybels is "The Beatitudes" wat beteken: *"Supreme blessedness of happiness."* My eie verklaring van hierdie woord was nog altyd: *"Attitudes to be."* Die evangelie is 'n boodskap van gesindhede. Ek het altyd moed vir enige persoon wie se gesindheid reg is, al sou hy soms foute begaan.
Jou gesindheid is hoe jy oor dinge dink en voel asook hoe jy dit sal uitleef. "The Collins Dictionary" se verklaring van die woord "gesindheid" is: *"Your attitude to something is the way that you think and feel about it, especially when this shows in the way you behave."*
Ons teks het Paulus geskryf nadat hy leer dat ons nie dinge moet doen uit selfsug nie, maar in nederigheid en om ander hoër te ag as onsself. Ook dat ons nie net na ons eie belange sal omsien nie, maar ook na ander se belange en behoeftes. (Fil. 2:3,4) Dit laat 'n mens nogal dink?

Dit is duidelik dat ons nog baie moet werk aan ons gesindheid. Hy wat jou tot hiertoe gebring het, sal altyd daar wees vir jou. Sy genade is genoeg en Sy krag word in swakheid volbring.

**Alle dinge is moontlik as jy kan glo**

**Markus 9:23,24** *"En Jesus sê vir hom: Wat dit betref – as jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo. En dadelik roep die vader van die kind met trane uit en sê: Ek glo, Here, kom my ongeloof te hulp!"*

In hierdie verhaal het 'n vader sy stom seun na Jesus gebring sodat Hy 'n duiwel uit hom sou dryf. Dié seun was só gebind deur 'n bose gees dat hy nie kon praat nie. Hierdie vader was desperaat dat sy seun gesond sou word daarom roep hy: *"Ek glo, Here, kom my ongeloof (my twyfel) te hulp!"* Geloof sluit nie altyd twyfel uit nie, want dit is soms hulle wat ernstig glo wat ook ernstig twyfel.
Is jy vandag desperaat dat God iets vir jou moet doen? Weet dan dat alle dinge moontlik is as jy kan glo. Dit sluit die genesing in wat jyself of jou geliefde nodig het. Moenie in moedeloosheid 'n verkeerde besluit neem nie – al wil twyfel jou oorweldig – neem 'n besluit om die Here te glo. God se belofte is: *"Ek is die Here wat jou gesond maak."* (Ex. 15:26)
Glo vir meer as genoeg sodat jy selfs kan hê om vir ander ook te kan gee. (2 Kor. 9:8) Indien jy 'n dors het om meer van die teenwoordigheid van die Here te ondervind, bly die belofte van Jesus iets wonderliks om aan vas te hou, want Hy het gesê in Joh. 7:38,39 *"Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo..."*

Tel jou "geloofskild" op, want alles is moontlik as jy kan glo. Wees eerlik teenoor God en erken as daar twyfel in jou hart is. Die Here sal jou twyfel tot hulp kom en jou help in jou geloof.

## Strome van Lewende Water

**Johannes 7:37-39** *"As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.*
*En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo..."*

Drie dinge in ons Skrifgedeelte staan uit: Die eerste is dat ons 'n dors moet hê; die tweede is dat ons moet glo en ten derde is dat die lewende water van binne af kom.
Die "Amplified Bible" vertaalvers 38 is: *"Out from his innermost being...rivers of living water shall flow (continuously)."*
Kyk weer mooi na die woorde: "Out of his innermost being..."
Alles begin by 'n dors. As ons nie 'n dors het na die geestelike dinge van God nie, sal ons ook nie ontvang nie. Ons moet smag na God se "Heilige Gees water" soos wat ons lees in Psalm 42:2: *"Soos 'n hert ('n bokkie) wat smag na waterstrome, so smag my siel na U, o God!"* Ek vertrou dit beskrywe die dors wat jy in jou hart het?
Wat vir my deur die jare opvallend was is dat ons baie keer die Here dinge gevra het wat ons reeds besit. Dit is asof ons nie altyd geglo het ons het dit wat Hy vir ons gegee het nie. Vir hierdie rede sing ek nie meer die volgende liedjie nie: *"Come into my heart Lord Jesus".* Die rede is omdat ek Jesus lank gelede in my hart toegelaat het as my Saligmaker. (Joh. 1:12) Dieselfde is van toepassing op die Heilige Gees, as jy Hom reeds ontvang het. Indien jy begeer dat strome van lewende water moet weer uitvloei, moet jou dors daarna groter word, ondervind dan hoe vloei dit van binne na buite!

Hoe groter die dors, hoe groter die vloei van lewende water. Wil jy soos Dawid uitroep: "My beker loop oor"? Dors daarna. Mag jy "oorborrel" van dit wat God reeds vir jou gegee het!

## Skakel die lig aan!

**Matthéüs 5:14,15** *"Julle is die lig van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie...Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik."*
Die Boodskap: *"Julle is 'n lig vir die donker wêreld rondom julle. Almal moet kan sien dat julle glo...Julle moet soos 'n lig in hierdie pikdonker wêreld skyn. Ander mense moet uit julle woorde en dade sien dat julle God van harte dien..."*

Dit is opvallend hoe mense gedurig met die duiwel besig is. Ek hoor baie keer mense wat sê hoe hulle weer vanoggend in 'n geveg was met die duiwel en teen die duisternis. Natuurlik weet ek ons stryd is teen die bose geeste in die lug (Ef. 6) en dat God ons geestelike wapens gegee het waarmee ons kan veg. Jy moet nooit probeer veg met donkerheid nie. Al wat jy moet doen is om die lig aan te skakel.
Indien jy in 'n kamer inloop, en dit is donker, wat maak jy? Baklei jy met die donkerheid? Nee, jy skakel net eenvoudig die lig aan. Dit is presies wat jy moet doen. Laat die lig wat in jou is skyn na buite. Ons is die lig van hierdie wêreld, en ons werke moet ons Vader gelukkig maak. Dank God vir die Bybel wat ons sal help op ons pad. Ons lees in Ps. 119:105: *"U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad."*
Jy skakel vir jouself lig aan elke keer as jy God se woord glo. Ai, as die Christene net die lig wat in hulle is sal deel met hulle wat dit nie het nie, hoe anders sal hierdie wêreld net nie wees nie. Om dit meer prakties te stel: As jy hoor iemand praat negatief, "skakel die lig aan" deur positief te praat – praat soos iemand wat in God en in Sy woord glo.

Ek hou van ons teks in Die Boodskap: *"Almal moet kan sien dat julle glo – Ander mense moet uit julle woorde en dade sien dat julle God van harte dien..."*
Skakel vandag iewers lig aan en verdryf die donkerheid.

**Wat maak jy met jou uitdagings?**

**1 Samuel 17:10** *"Verder sê die Filistyn (Goliat) Ek daag die slagorders van Israel vandag uit! Gee my 'n man, dat ons saam kan veg."*

Een van die duidelikste dele in die Bybel wat ons leer hoe om ons uitdagings en probleme te hanteer, vind ons in die verhaal tussen Dawid en Goliat. Dit is waar die Filistyne opgetrek het teen Israel.
Die Filistyne se baasvegter, Goliat, het vir Israel uitgedaag om 'n man te gee met wie hy kon veg. Goliat was 3.5 meter hoog; sy pantser (sy harnas) het 57 kg. geweeg en die ysterpunt van sy spies was 7 kg. in gewig.
Gelukkig ken ons die uiteinde van hierdie verhaal, naamlik dat Dawid hom verslaan het met sy slingervel. Die groter waarheid is dat Dawid vir Goliat oorwin het omdat hy eers homself oorwin het. Toe sy oudste broer hom beledig het en hom huistoe verjaag het, was Dawid se reaksie: *"Wat het ek nou gedoen? Ek vra maar net."* (vers 29) Sy gesindheid was reg. Jy sal alleenlik jou uitdagings oorwin as jou gesindheid reg is. Iets anders wat Dawid daardie dag gehelp het was dat hy 'n geoefende jongman was met die gebruik van 'n slingervel. As dit nie so was nie, was Dawid daardie dag 'n dooie man. 'n Slingervel was in daardie tyd nie 'n geringe wapen nie. Lees: 2 Kon. 3:25; 1 Kron.. 12:1,2; 2 Kron. 26:14,14.
Die treffendse teks is sekerlik Rig. 20:16: *"Uit al hierdie manskappe was daar sewehonderd uitgesoekte manne wat links was; hulle almal het met 'n klip op 'n haar geslinger sonder om te mis."* Links, en nie gemis nie – praat van raak gooi? As jy jou uitdagings wil oorwin sal jy jouself moet voorberei in dit waarin die Here jou wil gebruik.

In die oomblik van krisis, is daar nie tyd om nog te oefen nie. Wees die beste in wat jy kan doen, sodat God jou kan gebruik. Maak jou probleme jou uitdaging, in die Naam van die Here!

**Sing jou klaaglied**

**Psalm 7:1-3** *"'n Klaaglied van Dawid wat hy vir die Here gesing het...By U soek ek beskerming, Here my God. Help my, red my van almal wat my vervolg, sodat hulle my nie verskeur soos 'n leeu sy prooi nie..."*

Die Lewende Bybel: *"'n Lied wat Dawid gesing het om by die Here te kla...Here, ek kom by U beskerming soek! Verlos my tog van al my agtervolgers en red my. Want anders sal hulle my aan die keel gryp soos 'n leeu wat sy prooi verskeur sonder dat iemand kan red."*

Dit is nogal treffend dat die L/Bybel sê: *"'n Lied wat Dawid gesing het om by die Here te kla..."* In die ou vertaling begin Psalm 7 met 'n vreemde woord: "Sjiggajön" wat vertaal word as "'n Klaaglied".
Mense het destyds geglo dat as dit met hulle sleg gegaan het was dit straf wat hul moes dra. Baie keer glo mense dit vandag nog, só asof God daarop uit is om ons pret te bederf en ons by te kom vir die verkeerde wat ons gedoen het. Ja, Hy is 'n regverdige God wat die verkeerde sekerlik sal straf, maar Hy is ook 'n wonderlike God van liefde wat genade gee, meer as wat ons verdien.
Dawid kla omdat mense hom wil verskeur soos wat 'n leeu sy prooi verskeur. Maar dan sing hy in verse 7-18: *"Staan op, Here, in u toorn, verhef U teen die grimmigheid van my teëstanders...My skild is by God wat die opregtes van hart verlos. God is 'n regverdige regter...Ek wil die Here loof na Sy geregtigheid en die Naam van die Here, die Allerhoogste, psalmsing."* Dit is 'n heel ander manier om te kla. Vertel die Here waaroor jy so ongelukkig is, maar leer by Dawid om jou klaaglied om te sit in 'n lied van lof en eer aan God.

Jy mag kla – maar kla op jou knieë met lof aan God.
Leer om te sing wanneer jy in gevaar en onder druk is.
Jou gesindheid sal wys dat jy in God glo en dat Hy jou regverdige regter is.

## Wat is jou opinie van jouself?

**2 Korinthiërs 5:17** *"Nou weet ek dat wanneer iemand aan Christus behoort, hy 'n splinternuwe mens is; 'n nuwe skepping in die kleine. Al die ou sondige dinge is dan iets van die verlede. Dan is die nuwe lewe hier!"* (Die Boodskap)

Die wêreldbekende evangelis, Reinhardt Bonnke, het eenmaal aangehaal dat iemand vir hom gesê het dat hy maar net gebore is vir 'n halwe brood. Sy antwoord aan hierdie man was: *"Maar ek is gebore vir 'n bakkery!"*
Wat is jou opinie van jouself? Daar is geskrywe in Rom. 12:3 dat ons nie van onsself meer moet dink as wat 'n mens behoort te dink nie. Moet net nie te min van jouself dink nie.
Ek hoop nie jy sien jouself soos wat die tien spioene hulself gesien het in die tyd toe Israel hul beloofde land in besit moes neem nie? Nadat hulle die land verken het, was hul woorde: *"Ons kan nie teen die volk optrek nie, want hulle is sterker as ons...en ons was soos sprinkane in ons oë; so was ons ook in hulle oë."* (Num. 13:31,33) Hulle opinie van hulself was dat hulle soos "sprinkane" was. So erg, dat hulle oortuig was die vyand sien hulle ook aan as "sprinkane". Hoe sien jy jouself? Dank God dat Kaleb 'n goeie opinie van homself gehad het en geweet het wie sy God is. Ons lees in Num. 13:30: *"Toe het Kaleb die volk stil gemaak teenoor Moses en gesê: Laat ons gerus optrek en dit in besit neem; want ons kan dit sekerlik oorweldig."* Die negatiewe opinie van die tien spioene het Israel beïnvloed dat hulle wou teruggaan na Egipte en na hul vorige slawediens. Wees gewaarsku teen 'n negatiewe opinie van jouself. Omdat jy aan Christus behoort, het God jou 'n splinternuwe mens gemaak. Jy is *"'n nuwe skepping in die kleine"*, besig om te groei.

Jou opinie van jouself sal jou manier van lewe bepaal.
Jy het rede om, in nederigheid en dankbaarheid, 'n goeie opinie van jouself te hê.
Leef soos 'n totale nuwe mens!

# Ons is geseënd

**Efesiërs 1:3** *"Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus..."*
Die Lewende Bybel: *"Laat ons God, die Vader van onse Here Jesus Christus, gedurig prys want Hy het vir ons al die geestelike seën van die hemel gegee wat Christus vir ons verkry het."*

Ek het 'n Amerikaanse vriend wat elke keer as hy 'n brief aan my skryf afsluit met: *"I call you blessed."* Wanneer ek dit lees besef ek dit is waar, want ons is die geseëndes van die Here. Saligheid is 'n seën; voorsiening is 'n seën; genesing is 'n seën; beskerming is 'n seën. As geseëndes van die Here aanvaar ons geen vloek wat mense oor ons uitspreek nie.
Volgens Gal. 3:13,14 het alle seëninge wat God Abraham beloof het, ook ons sin geword in Christus. Neem tyd en lees Deut.28, terwyl jy dit jou eie maak.
Ek haal dele aan uit Die Boodskap: *"Jy sal baie voorspoedig wees in alles wat jy aanpak. Jy sal ryk word omdat die Here jou ryk maak...Hy sal jou voorspoedig maak as jy in die stad is of op die platteland...Jou vyande sal in een rigting kom om jou aan te val, maar hulle sal in sewe rigtings weghardloop."*
Praat van verwarring wat die vyand sal ondervind?
Een van die wonderliktse seëninge wat ons ontvang het is vergifnis. Ons lees in Ef. 1:7: *"In Hom het ons die verlossing deur Sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van Sy genade."* Omdat jy 'n geseënde van die Here is moet jy nooit onvergifnis plek gee in jou lewe nie, want dit sal jou geestelik doodmaak. Laat ek dit soos volg stel: *"Onvergifnis is soos gif wat jy drink, terwyl jy hoop dat iemand anders dood sal gaan."* Jy is geseënd omdat jy vergewe is – vergewe ander.

Verklaar die volgende – doen dit hardop, en glo dit:
*"Ek is geseënd. Ek is gesond. Ek is gelukkig. Ek is gesalf. Ek het gesag."* Ek groet jou geseënde van die Here!

## Verlustig jou in die Here

**Psalm 37:3,4** *"Vertrou op die Here, en doen wat goed is;...en verlustig jou in die Here; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart."*

The Amplified Bible: *"Trust (lean on, rely on and be confident) in the Lord, and do good...Delight yourself also in the Lord, and He will give you the desires and secret petitions of your heart."*

'n Paar jaar gelede toe ons in Amerika gekuier het was ons een oggend genooi om saam met ons vriende hul kerk te besoek. Die man se woorde aan ons was: *"Let's go and have fun today!"* Hierdie woorde het ons nogal geskok, maar toe ons nugter daaroor nagedink het, het ons besef dat hy reg was. Want ons behoort elke kerkdiens te geniet omdat ons die Koning van die konings gaan aanbid.
Alles wat ons vir die Here doen moet iets wees om te geniet. Daarom behoort gebed 'n aangename gesprek te wees met my hemelse Vader. Ja, daar is tye dat ek geestelike oorlogvoering moet doen wanneer daar aanvalle kom. Maar gewoonlik is gebed iets waarin ek my moet verlustig.
Ons moet ook nie skrik vir meditasie nie. Vir hulle wat Oosterse godsdienste beoefen beteken meditasie om hul gedagtes leeg te maak. Dit is iets wat baie gevaarlik kan wees, want dan kan die bose jou gedagtes vul met lelike en gevaarlike goed. Vir ons as Christene is meditasie om ons gedagtes te vul met God se woord en Sy teenwoordigheid. Geen wonder dat Paulus skryf in Kol. 3:2: *"Bedink (mediteer) die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie."*
Ons kan ons verlustig in die Here met goeie sang en musiek. Dit laat stres en spanning verdwyn en bring rus en vrede in ons gemoed. 'n Christen behoort mos altyd 'n lied in sy hart te hê?

Verlustig jou in die Bybel dat dit met jou sal praat.
As jy nie geniet wat jy tans doen nie – soek dringend iets anders om te doen.
Geniet jou in die Here en Hy sal jou begeertes vervul.

# Groet mekaar

**Romeine 16:16** *"Groet mekaar met 'n heilige kus. Die gemeente van Christus groet julle."*
Die Boodskap" *"Groet mekaar met groot hartlikheid en liefde, soos dit by gelowiges pas. Al die ander gemeentes van Christus stuur ook groete vir mekaar."*

Vanoggend was dit een van daardie dae dat ek net eenvoudig die Bybel oopgemaak het om op enige plek te lees. Ek het oopgemaak op Romeine 16 en met aandag gelees hoedat Paulus groete aan soveel mense stuur, en hy doen dit nogal in detail. Hy haal ook aan in vers 22 dat Tersius die brief geskryf het en maak seker dat Tersius se groete ook oorgedra word. Groete aan mekaar was dus baie belangrik vir Paulus.
Om mekaar te groet het meer waarde as wat ons dink. Die Collins woordeboek sê die volgende oor 'n groet: *"A greeting is something friendly that you say or do when you meet someone."*
'n Groet is dus iets wat jy sê of selfs iets wat jy doen. Hoe anders sal die wêreld net nie wees as ons mekaar met groter hartlikheid en liefde sal groet nie? Moenie maak soos hulle wat jou groet en selfs vra hoe dit met jou gaan – terwyl hulle nie eers wag vir 'n antwoord nie. Moet ook nooit iemand groet terwyl jy wegkyk nie. Dit is in elk geval nie goeie maniere nie. Ons kan van Paulus iets leer oor hoe belangrik 'n groet is, veral as ons weer die teks lees in Die Boodskap: *"Groet mekaar met groot hartlikheid en liefde, soos dit by gelowiges pas."*

Fokus daarop om mense te groet met groter hartlikheid.
Jou groet mag dien as 'n reddingstou vir iemand onder druk.
Die Christus in my groet die Christus in jou.

**Die Heilige Gees – jou Reisgenoot**

**2 Korinthiërs 13:13** *"Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal! Amen."*

Die Boodskap: *"Die goedheid van die Here Jesus Christus, die oorvloedige liefde van God en die kragtige teenwoordigheid van die Heilige Gees is by julle almal. Amen."*

Die woorde *"die gemeenskap van die Heilige Gees"* kan ook beteken *"kommunikasie met – asook reisende met die Heilige Gees".* Dink maar aan die belangrikheid van transport. Sonder dit sal ons land nie bestaan nie.
Jy en ek het die Heilige Gees nodig as ons "Reisgenoot". Daarom is gemeenskap of dan kommunikasie met Hom geweldig belangrik. Dit is Hy wat ons help om te bid want baie kere weet ons nie werklik hoe ons moet bid nie. (Rom. 8:26) Dit was die Heilige Gees wat die "Reisgenoot" was van Barnabas en Paulus toe hulle geroep was om vir God iets te doen. In Hand. 13:4 lees ons: *"So het hulle dan, deur die Heilige Gees uitgestuur, afgegaan na Seleucië..."* Iemand het dit soos volg gestel: *"Many went that were never sent."* Moet nooit iets aanpak as jy nie seker is dat God in die saak is nie. Weet een ding: God sal jou nie roep as Hy nie Sy Gees stuur om saam met jou te gaan nie. Die Heilige Gees wil met jou wees oral waar jy gaan, maar dan moet jy 'n sterk drang in jou hart hê om met Hom te kommunikeer. Dit vind plaas as jy God se woord plek gee in jou hart en jy ook toelaat dat Sy Gees jou lei waar Hy wil.

Maak seker dat Sy Gees jou lei in al die waarheid. (Joh. 16:13)
Laat die Heilige Gees jou "Reisgenoot" wees oral waar jy gaan.
Werk aan jou gemeenskap met God – lees jou Bybel en bid.

# Ondersoek jouself

**2 Korinthiërs 13:5** *"Ondersoek julself of julle in die geloof is; stel julself op die proef..."*

The Amplified Bible: *"Examine and test and evaluate your own selves, to see whether you are holding to your faith and showing the proper fruits of it..."*

Hier staan nie geskrywe dat jy jouself moet veroordeel nie. Ook nie dat jy jouself moet aankla nie. Los die aankla werk vir die duiwel, hy doen dit in elk geval dag en nag. (Op. 12:10,11) In Rom. 8:1 lees ons: *"Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie..."* Glo dat jy as God se kind 'n nuwe skepsel in Hom geword het en dat Hy alles nuut gemaak het – niks minder as dit nie.

Dit is tog 'n goeie ding dat ons onsself gereeld sal ondersoek om vas te stel of ons besig is om te vorder in ons wandel met Christus. Ons raak in elk geval baie keer so besig "met die dinge van die Here" dat ons nie besig is "met die Here van die dinge" nie. Dawid het eenmaal geskryf in Ps. 23:2: *"Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen."* Jy sien, die duiwel gee nie om dat jy deur die groen weiveld hardloop nie, jy kan dit selfs ook bewonder, maar hy sal jou so aan die hardloop hou dat jy nie daarin sal rus nie. Die duiwel slaag as hy rus en vrede van jou kan weerhou. Maar maak tog self 'n paar toetse om vas te stel of jy nog werklik kinderlik kan glo. Kan jy nog die Here vertrou vir die geringste in jou lewe of het jy op 'n plek gekom dat jy voel om meer jou verstand te gebruik en dinge vir jouself uit te werk? Daar is 'n treffende teks in Hoséa 11:1 wat vanself spreek: *"Toe Israel 'n kind was, het Ek hom liefgehad..."*

Gee jouself punte tussen 1 tot 10 op die volgende:

Lees jy genoeg jou Bybel en is jy tevrede met jou gebedslewe?

Kan jy opreg die Here vertrou op die pad wat jy vandag stap?

# Die prediking van die kruis

**1 Korinthiërs 2:2** *"Want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde."*

Die Boodskap: *"Ek het dit doelbewus eenvoudig gehou: ek het julle van Jesus Christus kom vertel, die Jesus wat aan die kruis dood is."*

My vraag is: Maak ons nie vandag te min van die prediking van die kruis van Jesus Christus nie? Veral as ons tekse in die Bybel kry soos: 1 Kor. 1:18 *"Die boodskap van die kruis van Christus is wel onsin vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God."* Asook Gal. 6:14 *"Maar wat my betref, mag ek nooit roem nie, behalwe in die kruis van ons Here Jesus Christus, deur wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld."* God het vrede met ons gemaak deur die bloed van die kruis. (Kol. 1:20) En in Kol. 2:14 lees ons: *"Hy het 'n streep getrek deur die rekening van ons skuld, die lys van al die wette wat ons oortree het. Dit het alles teen ons getel, maar God het hierdie rekening tot niet gemaak toe Hy dit teen die kruis vasgespyker het."* (Die Lewende Bybel)
By die kruis van Jesus Christus was alles volbring. Daar is die volkome prys betaal vir ons sondes. Daar is ook betaal vir ons siektes, soos wat dit geprofeteer was in Jes. 53:4. Derhalwe moet ons die Here dank vir die prediking van die kruis.
Dit moet altyd ons beginpunt wees in ons evangelie. Daar het dit alles begin – daarna kom al die ander heerlike waarhede van die woord van die Here.
As 'n jong seun van sestien het ek gekniel by die kruis om Jesus aan te neem as my persoonlike Saligmaker. (Joh. 1:12) O! Die vreugde wat my hart gevul het – en nog in my hart is.

Besluit om baie te praat oor Jesus en Hom as die gekruisigde.
Vertel ander wat Sy kruisdood persoonlik vir jou beteken.
Onthou "die evangelie" beteken "die blye boodskap"

**Hou moed – jy sal oorwin**

**Johannes 16:33** *"Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin."*
Die Lewende Bybel: *"Ek het hierdie dinge vir julle vertel sodat julle vrede kan hê omdat julle aan My verbind is. In die ongelowige wêreld sal julle swaarkry, maar moenie bang wees nie, want Ek het die wêreld oorwin."*

Jesus sê hier aan Sy dissipels dat daar moeilike tye oor hulle sou kom, maar dat hulle sou oorwin. Jesus verduidelik aan Sy dissipels (v. 21,22) dat hulle swaarkry in die lewe sal wees soos 'n vrou wat geboorte moet gee aan 'n baba. Alle spanning en benoudheid van die vrou verdwyn wanneer die baba gebore word – die blydskap is altyd groter. Die vrede en oorwinning wat Christus gee sal enige swaarkry oorweldig.
Ons moet weet om die Here te dien is nie altyd 'n pad van rose nie. As jy Jesus volg moet jy kennis neem dat jy vedruk sal word en dat swaar tye oor jou mag kom. Maar 'n kind van die Here moet altyd moed hê. Paulus skryf in 2 Kor. 4:8: *"Van alle kante af sak moeilikhede op my toe, maar hulle druk my nie plat nie. Ek verstaan nie altyd waarom dinge gebeur nie, maar dit maak my nie moedeloos nie."* (Die Lewende Bybel)
Die kerk is in elk geval nie 'n hospitaal om net siekes te versorg nie, maar is 'n weermag wat besig is om in 'n oorlog te veg. Verwysende na die oorwinning wat Christus vir ons bewerk het stel "The Amplified Bible" dit soos volg: *"...be of good cheer – take courage – for I have overcome the world. I have deprived it of power to harm you."*

Watter beproewing ookal oor jou sou kom, weet dat in die Here is daar oorwinning.
God se hand is nie te kort om te help nie en Hy hoor jou.
Hou moed – jy sal oorwin. Moet nie jou vrede verloor nie.

## Kan ons geloof sien?

**Handelinge 14:8-10** *"En in Listre het daar 'n man gesit wat magteloos was aan sy voete...Hy het geluister terwyl Paulus spreek; en Paulus het die oë op hom gehou, en, toe hy sien dat hy geloof het om gesond te word, met 'n groot stem gesê: Staan regop op jou voete! En hy het opgespring en begin rondloop."*

Ons bid die meeste van die tyd vir mense wat nie eers gevra het dat ons vir hulle moet bid nie. Ek dink nie dit is altyd die regte ding om te doen nie. Jesus het nie van huis tot huis gegaan en gevra vir wie kon Hy bid nie. Dit was elke keer die sieke wat uitgeroep het na Hom vir gebed. Dié wat siek is moet vra vir gebed. Natuurlik praat ek nie van hulle wat nie daartoe instaat is nie. Dié wat vra vir gebed wys tog immers dat hulle geloof in hul harte het om gesond te word.
Volgens ons Skrifgedeelte wil ek vra: Hoe sien jy geloof in iemand? Jy sien dit in hul oë, want die oog is die vensters van die siel. Vir hierdie rede het Paulus die woord van die Here bedien totdat hy geloof in die oë van hierdie kreupel man gesien het. Die Bybel sê in Rom. 10:17 dat geloof kom deur die woord van God. Toe Paulus sien dat hierdie man geloof het om gesond te word kon hy uitroep: *"Staan regop op jou voete!"* Let ook op in ons teks dat daar geskrywe staan: *"En hy het opgespring en begin rondloop."* Omdat hy geloof gehad het, het hy self opgespring en begin loop. Die woord "begin" is treffend, want iewers is daar altyd 'n begin. Wys dat jy glo in die manier wat jy praat en in jou optrede. En vir hulle wat vir siekes bid: Jy sal groter resultate hê indien jy bid vir mense wat geloof het.

Jy het nie 'n "groot geloof" nodig nie maar 'n "Groot God".
Toon my jou geloof deur jou werke – want geloof sonder werke is dood. (Jak. 2:17)
Wag eers dat jy geloof in iemand kan "sien" voordat jy bid!

## Die Heilige Gees help ons bid

**Romeine 8:26** *"En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge"*

Die Boodskap: *"Intussen het God sy Gees aan ons gegee om ons in ons swakhede te help. Ons grootste swakheid is dat ons nie aldag weet wat ons moet bid nie"*

Jy het seker al ondervind dat jy soms net nie woorde het om aan God te vertel wat hier diep in jou hart is nie? Menslike woorde is gelukkig nie die belangrikste manier om met die Here in gebed te praat nie. Dink aan tye dat jy besef het dat jy regtig nie geweet het hoe om jouself in woorde uit te druk wanneer jy met God gepraat het nie. Dit is in daardie tye dat die Heilige Gees vir jou ingetree het en dat jy self geluister het wat uit jou mond gekom het sonder dat jy veel gedink het wat jy moes bid. Is dit nie wonderlik nie? Dit is nie nodig dat ons, elke keer wanneer ons bid, bogenoemde ondervinding sal ervaar nie.

Om met jou verstand te bid is dus nie verkeerd nie. Dit is normaal om met jou verstand te bid. Maar ons teks leer ons dat die Heilige Gees daar is om ons by te staan in ons gebedslewe. En in vers 15 praat Paulus van "Abba, Vader" Vir ons is die hemelse Vader ons "Pappa" want in die oorspronklike Aramees beteken dit "Pappa, Vader" Dit verkleineer nie God nie – dit bring Hom nader aan ons sodat ons met vrymoedigheid met Hom mag praat.

Die Heilige Gees wil jou vandag help wanneer jy bid.
Nader God met vrymoedigheid en stort jou hart uit voor hom.
*"Gebed is nie bedoel om ons noodwiel te wees nie; dit is ons stuurwiel."* *(Corrie ten Boom)*

## Hoe belangrik is ons werke?

**Matthéüs 5:16** *"Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik."*

Die Lewende Bybel: *"...die lig wat in julle is (moet) ook deur mense gesien kan word. As hulle sien watter goeie dinge julle doen, sal hulle julle Vader wat in die hemel is die eer daarvoor gee."*

God wil hê dat ons werke deur ander mense gesien moet word – maar dat Hy die eer sal ontvang. Werke is meer belangrik as wat ons gedink het. In Rom. 2:6 sê God dat Hy elkeen sal vergeld na sy werke.
En in 2 Tim. 6:18 leer Paulus dat ons goed moet doen en ryk moet wees in goeie werke, vrygewig en mededeelsaam moet wees. As ons geloof geen werke het nie is dit dood. (Jak. 2:17)
Verwysende na die Wederkoms van Jesus Christus het Johannes op Patmos die volgende geskryf in Open. 19:7,8: *"Die troudag van die Lam is hier! Sy bruid het haar pragtig gereedgemaak. God het vir haar die mooiste wit rok gegee om aan te trek. Dit is van die fynste, kosbaarste, witste materiaal gemaak wat jy jou maar kan voorstel. Hierdie kosbare materiaal is eintlik gemaak van al die regte en goeie dinge wat God se mense gedoen het."* (Die Boodskap)
Moet my dan nie vertel dat die werke wat ek doen is nie belangrik nie. Geen wonder dat Paulus die volgende geskryf het in Gal. 6:9: *"En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie."*

Die lig wat jy laat skyn, is die goeie werke wat jy doen.
Besluit om vandag iets goeds te doen – doen dit vir die Here.
Ons sal altyd die kwaad oorwin deur die goeie. (Rom. 12:21)

# Dissipline in Gebed

**1 Thessalonicense 5:17** *"Bid sonder ophou."*

Die Boodskap: *"Praat met die Here elke keer as julle die kans het. Moet nooit moeg word om te bid nie."*

As jy jouself dissiplineer in 'n saak dan fokus jy om streng kontrole toe te pas om 'n doel te bereik. Van al die geestelike dissiplines is gebed seker nommer een. Gebed is vir ons siel soos suurstof vir ons longe.
Gebed sal ons geestelik aan die lewe hou. Gebed is om met God te praat – en om met iemand te praat versterk jy jou verhouding met daardie persoon.
Iemand wat nie lief is vir bid nie, verander nie maklik nie. Gebed is dié dissipline wat God gebruik om ons te verander. As ons onsself toewy in gebed sal ons begin dink soos God. Ons sal begeer wat Hy begeer en lief hê soos Hy.
Gebed is iets wat ons moet leer. Selfs Jesus se dissipels het in Luk. 11:1 gevra dat Hy hulle moet leer bid: *"En toe Hy op 'n sekere plek besig was om te bid, sê een van Sy dissipels vir Hom nadat Hy opgehou het: Here, leer ons bid..."* Die beste manier om te leer bid, is om dit te doen. Gebruik die woorde in die Psalms wanneer jy bid. Lees veral hoe Dawid ernstig tot God gebid het. As jy jouself daarin beoefen sal jy later jou eie manier vind hoe jy met God kan praat in gebed. Gebed moet iets wees om te geniet en moet nie 'n stryd vir jou wees nie. Moet gebed nie ingewikkeld maak nie en onthou God is nie vêr weg van jou af nie. Wees ook altyd daarvan bewus dat die Heilige Gees jou sal help om te bid. (Rom. 8:26)
Moet ook nie net vir mense sê dat jy vir hulle sal bid nie. Indien dit moontlik is, bid sommer net daar in die publiek vir iemand. Julle hoef nie jul oë toe te maak wanneer julle bid nie.

Gebed is nie 'n moeilike dissipline om toe te pas nie.
Praat dikwels met die Here – moet nooit moeg word vir bid nie.
Mag daar 'n groter momentum kom in jou gebedslewe.

**Bemoedig jouself**

**Psalm 42:12** *"Wat buig jy jou neer, o my siel, en wat is jy onrustig in my? Hoop op God, want ek sal Hom nog loof – die verlossing van my aangesig en my God."*

Die Boodskap: *"Ek sê vir myself: Moenie nou moedeloos word nie. Hoekom so hartseer? Vertrou op God. Ek sal Hom weer loof, al kry ek swaar. Dit is Hy wat my help. Hy is my God."*

Hierdie Psalmdigter het op 'n plek gekom dat hy homself moes bemoedig omdat hy gevra was hoekom God hom dan nie help nie. In vers 11 sê hy: *"Met 'n doodsteek in my gebeente smaad my teëstanders my as hulle die hele dag vir my sê: Waar is jou God?"* Die mense wat ons afbreek in ons geloof is baie meer as die enkele persoon wat ons moed gee. Dit is asof ons gevra word: "Waar is jou God – hoekom help Hy jou nie?"
Ons leef in 'n tyd dat ons moet leer om onsself te bemoedig. Volgens ons teks is dit duidelik dat ons met onsself kan praat en dat ons verseker onsself kan bemoedig.
Daar was 'n dag dat Dawid se lewe in gevaar was. Sy manne wou hom om die lewe bring omdat die vyand hul vroue en kinders weggevoer het. Maar ons lees dat Dawid homself versterk het in die Here sy God. Miskien het hy sy eie Psalm vir homself gesing, naamlik dat die Here sy herder is en dat niks hom sal ontbreek nie? Ja, jy kan jouself bemoedig en versterk deur 'n lied te sing. Verder sal jy jouself beslis bemoedig as jy God se Woord praat. Om "God se Woord te praat" meen as jy tekse hardop herhaal. Daar is krag in Bybeltekse – gebruik dit om jouself te versterk!

Wees verstandig en moenie jouself verwyt en veroordeel nie. Spreek jouself aan met God se woord en verander die onrus in jou na blydskap.
Begin vandag met 'n lag in jou mond en 'n dans in jou voete!

# Wees vriendelik

**Filippense 4:5** *"Laat julle vriendelikheid aan alle mense bekend word. Die Here is naby."*
Die Lewende Bybel: *"Julle moet almal vriendelik behandel. Onthou die Here kom binnekort terug."*

Toe ek jonk was het ek baie keer gehoor die mense sê: "Vriendelikheid kos niks." As ons vandag om ons kyk sien ons nie veel vriendelike mense nie en die meeste lyk baie bekommerd en bedruk.
Volgens Gal. 5:22 is vriendelikheid 'n deel van die vrug van die Gees. Goeie vrugte is tog immers die resultaat van 'n boom wat gesond is – slegte vrugte is die resultaat van 'n boom wat siek is. Ek is van mening dat vriendelikheid 'n uiterlike teken is dat daardie persoon geestelik gesond is. Iemand is vriendelik as hy op 'n aangename manier teenoor mense optree en nie veglustig is nie. Liefde is die fondasie van vriendelikheid. Geen wonder dat Jesus gesê het in Joh. 13:35: *"Hieraan sal almal weet dat julle My dissipels is, as julle liefde onder mekaar het."* Ons lees in Hand. 2:47 dat die eerste gemeente in Jerusalem gegroei het omdat hulle in guns was by die hele volk. Ons sal nooit guns by mense verdien as ons onvriendelik teenoor hulle is nie.
Dit het my aangespreek dat vriendelikheid in ons teks gekoppel word aan Jesus se wederkoms. Om vriendelik te wees sal ons help om gereed te wees vir Sy wederkoms. Weet jy hoekom? Want alles gaan oor gesindhede. As ons gesindheid nie reg is nie, hoe kan ons hart reg wees voor God?

Wees vriendelik teenoor alle mense wat jy vandag ontmoet. Dit hang van jou af of jy vriendelik wil wees teenoor mense. Deur vriendelikheid skakel jy 'n lig van hoop aan waar daar spanning is.

# Wees IN alles dankbaar

**1 Thessalonicense 5:18** *"Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle."*

Die Boodskap: *"Wees heeltyd dankbaar teenoor God, wat ook al met julle gebeur. Dan stap julle op die pad wat God vir julle beplan het toe julle in Christus Jesus begin glo het."*

Horatio Spafford het die wonderlike lied geskryf: *"Dit is wel met my siel.?"* My vraag is: Wat het hom geinspireer om hierdie lied te skryf? Want net voordat hy dit geskryf het, is sy enigste seun dood in 1871.

In dieselfde jaar het hy bankrot geraak met die groot Chicago vuur, en in 1873 het hy sy vier dogters op see verloor. Sy motivering was sekerlik in 1 Thes. 5:18 waar Paulus ons leer om IN alles dankbaar te wees en nie VIR alles nie. God verlang nie dat ons moet dankbaar wees vir die teleurstellings in ons lewens nie, maar in dit alles, moet daar altyd dank in ons harte wees omdat ons nog in Hom kan glo. Moet nooit vergeet dat daar Rom. 8:28 in die Bybel is, wat soos volg lees: *"En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na Sy voorneme geroep is."* Dit is nie altyd maklik om hierdie woorde te glo nie, maar dit is die moeite werd om daaraan vas te hou – want dit is God se woord wat waar is.

As jy jouself bevind in moeilike omstandighede, soos siekte en finansiële druk, begin die dag om dank aan God te gee. William Hendriksen het gesê: *"Prayer without thanksgiving is like a bird without wings."*

Mag ons harte altyd oorloop van dankbaarheid teenoor God.
Ons hoef nie alles te verstaan nie – tog moet ons bly glo.
Die belangrikste is om te kan uitroep: *"Dit is wel met my siel."*

## Arbeiders – Gaan haal die oes!

**Lukas 10:2** *"Hy sê toe vir hulle: Die oes is wel groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here van die oes dat Hy arbeiders in Sy oes uitstuur."*

Die Lewende Bybel: *"Daar is baie mense wat in God se nuwe ryk ingebring moet word. Dit is soos 'n groot oes wat ingesamel moet word. Maar die mense wat in die oesland werk, is min. Daarom moet julle die Eienaar van die oes vra dat Hy werkers sal stuur om Sy oes in te bring."*

Die oes is nie alleen groot nie maar is oorryp! (Op. 14:15)
Die fout wat ons maak is om alleenlik vir die oes te bid, terwyl Christus gesê het dat ons moet bid vir meer arbeiders.
Ons lees dat Jesus sewentig dissipels uitgestuur het wat met blydskap teruggekom het omdat die duiwels hulself onderwerp het aan die dissipels. (vers 17) Jesus was nie soseer bly dat die bose geeste hulself onderwerp het aan die dissipels nie, maar dat hulle name opgeskrywe was in die hemele.
Ons lees in v. 21: *"In dieselfde uur het Jesus Hom in die gees verheug en gesê: Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het..."* Die woorde *"in die gees verheug"* kom van die Griekse woord *"agalio"* en beteken om op te spring van blydskap. In die New King James Bybel is daar 'n die volgende kommentaar by hierdie Skrifgedeelte: *"The successful mission of the 70 caused Jesus to burst forth in a spontaneous demonstration of worship in the Spirit (the Greek word suggests "shouting and leaping with joy")* Die Nuwe Afr. Bybel sê: *"By daardie selfde geleentheid het Jesus deur die Heilige Gees dit uitgejubel..."* Christus is bly wanneer ons siele na Hom bring. Kom ons gaan haal die oes!

Wanneer laas het jy iemand na Christus gelei?
Besef jy nog dat onverloste mense vir ewig verlore sal gaan?
As jy die oes gaan haal verskaf jy groot blydskap in Sy hart!

# Werk aan jou toewyding

**1 Timoteus 4:7,8** *"Oefen jou liewer om in toewyding aan God te lewe. Dit het wel 'n bietjie waarde om jou liggaam sekere dinge te ontsê, maar om in toewyding aan God te lewe, het in alle opsigte groot waarde..."*

Die Lewende Bybel: *"Doen moeite om geestelik fiks te word en fiks te bly. As 'n mens oefen om jou liggaam fiks te hou, is dit 'n goeie ding, al help dit 'n mens nie in alle opsigte nie. Maar 'n lewe wat aan God toegewy is, help 'n mens in alle opsigte..."*

Daagliks sien ons hoe loop of hardloop mense en hoeveel mense na Gimnasiums gaan – alles om fiks te word. Dit is verbasend watter passie mense het om fiks en gesond te wees. Dieselfde passie moet ons hê om geestelik fiks te word en om fiks te bly. Of dit vir ons liggaam is of vir ons gees, dit gebeur alles deur 'n wilsbesluit – dit gebeur nie sommer vanself nie.
Die hoofdoel waarom ons moet werk aan ons toewyding aan God vind ons in Fil. 3:10: *"...sodat ek Hom kan ken en die krag van Sy opstanding..."* Die Amplified Bybel stel dit só: "*"For my determined purpose is that I may know Him (that I may progressively become more deeply and intimately acquainted with him, percieving and recognizing and understanding – the wonders of His Person – more strongly and more clearly..."*
Ja, my toewyding aan God is om Hom beter te leer ken en in Sy krag in oorwinning te leef.
Sonde het skuld, skaamte en seer gebring. Jesus Christus het vir ons vryspraak gebring sodat ons kan uitroep, soos Paulus, in Rom. 8:1 *"Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees."* Alle skuld is weggeneem en ons kan met vrymoedigheid in God se teenwoordigheid kom.

Die opdrag is duidelik: Werk aan jou toewyding.
Fil. 2:13 *"Want dit is God wat in julle werk – Hy gee julle die begeerte om te doen wat Hy graag wil hê en dan gee Hy julle ook nog die krag om dit te doen."* (Die Lewende Bybel)

## Engele is dienende geeste

**Hebreërs 1:13,14** *"En aan watter een van die engele het Hy ooit gesê: Sit aan My regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete? Is hulle nie almal dienende geeste wat vir diens uitgestuur word terwille van die wat die saligheid sal beërwe nie?"*

Ons weet min van engele, terwyl hulle baie aktief is. Volgens Ps. 103:20 is engele kragtige helde wat gehoorsaam is om te doen wat God sê. In Daniël se tyd moes 'n engel veg teen bose magte in die lug om vir hom 'n boodskap van God te bring. (Dan. 10:10-21) In enige teëstand wat jy ondervind in gebed moet jy weet dat God se engele daar is om by jou te staan, en as dienende geeste God se antwoord by jou uit te kry. Die Boodskap vertaal ons teks: *"Is die hemelse wesens nie eintlik maar net geeste wat God stuur om Sy mense te help nie?"*
Was dit dan nie 'n engel wat Paulus bemoedig het in 'n geweldige storm op die see nie? Paulus kon, as gevolg hiervan, die bevreesde manne op die boot bemoedig met: *"Daarom, hou moed, manne; want ek glo God dat dit so sal wees soos aan my gesê is."* (Hand. 27:21-25)
Martin Luther het gesê: *"The acknowledgement of angels is needful for the church. Therefore godly preachers should teach them logically."*
Glo en dank God vir Psalm 91:10,11: *"Geen onheil sal jou tref en geen plaag naby jou tent kom nie; want Hy sal Sy engele aangaande jou bevel gee om jou te bewaar op al jou weë."*
Ps. 34:8 is 'n teks waaraan ek vashou: *"Die Engel van die Here trek 'n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit."*
Al wat ek moet doen is om God te vrees, menende om Hom te respekteer, dan sal Hy my elke keer uitred.

Ons kinders en kleinkinders het engele wat hul beskerm.
As ons maar net kon weet wat engele al vir ons beteken het.
Mag jou gebed gouer beantwoord word as wat jy verwag het!

**God staan by Sy Woord**

**Jesaja 55:10,11** *"Want soos die reën en die sneeu van die hemel neerdaal en daarheen nie terugkeer nie, maar die aarde deurvogtig en maak dat dit voortbring en uitspruit en saad gee aan die saaier en brood aan die eter; so sal My woord wees wat uit My mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur."*

In Die Boodskap sê dit dat God se woord sal vrugte dra en dit sal alles doen wat Hy beloof het. Die Lewende Bybel sê dat God se woord sal nie sonder uitwerking wees nie, maar doen wat God gesê het. Sy woord sal die doel bereik wat Hy daarmee gehad het. Beter kan ons dit nie kry nie.
Dieselfde profeet wat hier geskryf het voeg by in Jes. 62:6,7: *"O julle wat die Here herinner aan Sy beloftes – moenie rus nie, en laat Hom nie met rus nie..."* Jy moet dit ook glo en vashou aan al die beloftes wat die Here al vir jou gegee het. Gaan kyk gerus weer na al die aantekeninge in jou Bybel waar jy self datums en name geskryf het. Herinner God dan aan Sy beloftes en moenie rus nie...todat jy die antwoord kry.
Dit sluit genesing vir jouself of jou geliefde in. Deur Jesus se wonde het daar genesing gekom. Geneeshere of mense het nie die finale sê oor 'n lewe nie, maar God wat jou Vader is.
Glo dieselfde vir jou kinders wat geestelik afgedwaal het.
Jer. 31:16,17 verklaar: *"So sê die Here: Bedwing jou stem van geween en jou oë van trane...en hulle (jou kinders) sal uit die land van die vyand (uit slawerny) terugkom...en die kinders sal terugkom na hulle grondgebied."* Moet ook nooit vergeet dat jy 'n God dien wat sal voorsien selfs in jou finansies.

Moet nooit 'n besluit in moedeloosheid neem nie – dit is gewoonlik verkeerd.
Al moet jy nog 'n ruk wag vir 'n deurbraak – glo dit sal gebeur.
Staan op in jou gees en loof Hom dat dit sal wees soos Hy beloof het.

## Die Woord bewerk Belydenis

**Nehemia 9:3** *"En hulle het van hulle plek opgestaan, en gedurende 'n vierde deel van die dag gelees uit die wetboek van die Here hulle God, en gedurende 'n vierde deel belydenis gedoen en die Here hulle God aanbid."*

Die Boodskap: *"Hulle het net so bly staan terwyl die wet van die Here hulle God drie ure lank aan hulle voorgelees is. Toe het hulle daarna nog drie ure lank hulle sonde voor die Here hulle God bely en Hom aanbid."*

In Nehemia 8,9 lees ons hoe God Israel as Sy volk geestelik herstel het. Wat gebeur het was dat vir drie ure aanneem was God se Woord aan hulle voorgelees. God se woord het hulle só aangegryp dat hulle vir drie ure hul sondes bely het.
As ons meer kan toelaat dat God se woord tot ons spreek is ek seker dat ons ernstiger sal wees om ons lewens voor Hom in orde te kry.
Dawid het geweet watter krag daar in God se woord is – en onthou dat hy nie die Bybel in geheel, soos jy en ek, gehad het nie. Hoor wat skryf hy in Ps. 119:11 *"Ek het U woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie."* Die Boodskap se vertaling is: *"U woord is diep in die brandkluis van my hart weggebêre."* Laat toe dat die woord van die Here diep ingang vind in jou hart.
Mense wat lief is om sonde te doen is gewoonlik nie lief om hul Bybel te lees nie. Die Bybel is mos nie 'n gewone boek nie want die Heilige Gees werk in elke bladsy. Dit is God se Gees wat die woorde in jou Bybel lewend maak sodat dit 'n stem word wat met jou praat. Sy woord is soos 'n hamer wat 'n rots vermorsel. (Jer. 23:29) Mag Hy die rots van siekte, sonde en enige muur van skeiding in jou lewe asook in jou gesin, stukkend breek.

Neem baie meer tyd om jou Bybel met aandag te lees.
Lees dit totdat jy hoor dat God met jou praat.
As jy iets moet bely – moenie uitstel om dit te doen nie.

## Hoe sien jy jouself?

**Rigters 6:14,15** *"Toe draai die Here na hom (Gideon) toe en sê: Gaan in hierdie krag van jou en verlos Israel uit die hand van die Midianiete. Is dit nie Ek wat jou stuur nie? Maar hy vra Hom: Ag, Here, waarmee sou ek Israel verlos? Kyk, my geslag is die swakste in Manasse, en ek self die gerigste in my familie."*

Ja, ek weet, ons moet nie te veel van onsself dink nie. Maar moenie wees soos die man wat vir sy vriend gesê het dat hy maar arm is terwyl hy gewys het na sy stukkende klere.
Die vriend se reaksie was: *"Maar ek sien hoe loer hoogmoed deur die gate van jou stukkende klere."*
Dit was so, dat Gideon uit 'n baie eenvoudige en swak familie agtergrond gekom het. Saam met sy mense was daar vrees vir die Midianiete wat elke jaar hul beroof het van hul koring oeste. Toe die Engel van die Here Gideon gegroet het, het hy hom gegroet met: *"Die Here is met jou, dapper held."* (vers 12) Jy sien, God sien altyd meer in ons as wat onsself in ons kan sien. God kon alleenlik Gideon gebruik het nadat hy in homself kon glo dat hy 'n dapper held is.
Een groot les wat ons in hierdie verhaal leer is dat God die vermoëns wat Hy reeds in ons ingebou het, gebruik. Ons probleem is dat ons nie altyd weet wat in ons is nie. Daar is meer in ons as wat ons kan dink. In Die Boodskap se vertaling van vers 14 lees ons: *"Toe draai die Here na Gideon toe en sê vir hom; Jy het die krag. Gaan bevry die Israeliete...Ek stuur jou!"* Gideon het tot op daardie oomblik nie besef dat hy God se krag in hom het nie. As jy maar net kon weet watter krag van God reeds in jou is, sal jy anders optree. Glo opnuut dat Hy wat in jou is groter is as hy wat in die wêreld is. (1 Joh. 4:4)

In alles wat jy doen, maak seker dat jy van God gehoor het. Sien jouself soos wat God jou sien en nie soos jy dink jy is nie. Die Here het beloof dat Sy krag in jou swakheid volbring sal word. (2 Kor. 12:9)

**Koud of Warm?**

**Openbaring 3:15,16** *"Julle kan niks vir My wegsteek nie. Ek weet wat julle doen en Ek is glad nie tevrede nie. Julle is nie koud nie, maar ook nie warm nie. Was julle tog maar een van die twee! Nou is julle so tussenin, so louerig. Ek hou niks daarvan nie..."*

Van die sewe gemeentes in Asië van wie ons lees in Op. 2,3 was Laodicéa die rykste. Hulle het van die duurste wol gehad en van die rykste goud. Daarby was daar 'n mediese skool wat 'n baie bekende oogsalf geproduseer het.
Geestelik was hulle nie aan die brand vir God nie, maar ook nie koud nie. Laodicéa het geglo dat voorspoed was om baie te besit. Wat hulle kon sien en koop was vir hulle baie belangrik.
Die Bybel sê in Matt. 16:26 *"Wat sal dit 'n mens help as hy alles op die wêreld besit as sy lewe daardeur verwoes word? Of wat kan 'n mens betaal om jou lewe reg te maak as dit eers verwoes is?"* (Die Lewende Bybel)
In vers 18 word Laodicéa aangeraai om sekere dinge van God te verkry, maar veral om salf te koop om hul oë te salf sodat hulle kan sien. Die beste "salf" wat ek ken is "die salwing van die Heilige Gees" wat ons oë sal oopmaak sodat ons God se waarhede kan sien en verstaan.
In vers 20 lees ons dat Jesus aan die gemeente van Laodicéa se deur geklop het om in te kom. In St Paul's Katedraal in Rome is daar 'n skildery deur Holman Hunt, die bekende skilder, waar Jesus staan en klop aan 'n deur. Iemand merk toe op dat daar geen deurknop aan die deur is nie. Holman Hunt se reaksie was: *"Ek wou dit so skilder, want sien, die deurknop is aan die binnekant"*

Hoe aan die brand is jy vir die Here, of is daar 'n louheid?
Christus klop aan die deur van jou hart om te "fellowship"
Die deurknop is aan die binnekant – jy moet dus oopmaak!

**"Hy moes deur Samaria gaan."**

**Johannes 4:4,5** *"En Hy (Jesus) moes deur Samaria gaan. Hy kom toe by 'n stad van Samaria wat Sigar genoem word, naby die stuk grond wat Jakob aan sy seun Josef gegee het."*

Jesus het Judéa verlaat en teruggekeer na Galiléa "En Hy moes deur Samaria gaan." Teen alle koste sou 'n Jood dit vermy het om deur Samaria te gaan. Die rede hiervoor was dat die Jode en die Samaritane geensins van mekaar gehou het nie.
Ons lei dit af uit wat ons lees in vers 9: *"En die Samaritaanse vrou sê vir Hom: Hoe is dit dat U wat 'n Jood is, van my vra om te drink terwyl ek 'n Samaritaanse vrou is? Want die Jode hou geen gemeenskap met die Samaritane nie."*
Jesus "moes" deur Samaria gaan omdat Hy kontak moes maak met hierdie vrou wat in nood was om gered te word uit die tipe lewe wat sy geleef het. Niemand anders kon haar help as net Jesus nie, want in haar samelewing was sy nie 'n vrou wat aanvaar was nie. Die rede was dat sy al vyf mans gehad het en die een met wie sy saam geleef het was ook nie haar wettige man nie. (verse 16-18)
In daardie tyd het vroue in die oggende en laat in die middag water kom skep by die put. Sy het op die middel van die dag gekom sodat sy die aanvalle van die ander vroue kon vermy. Jesus het geweet dat Hy haar daar sou kry, daarom het Hy Sy dissipels dorptoe gestuur om kos te gaan koop. Hy wou moeite doen met hierdie een vrou. Vir hulle wat moeite doen om soms aan een persoon die evangelie te gee, wil ek bemoedig met iets wat 'n wyse prediker eenmaal gesê het: *"You get the one and she will call the city."* (Lees weer in verse 39-42 wat gebeur het nadat hierdie vrou met Christus ontmoet het.)

Jy sal ontdek dat daar soms dinge is wat jy "moes" ondervind. Ons kan tog nie die groter prent sien soos wat God dit sien nie. Reageer altyd op die drang wat Sy Gees in jou bewerk wat jy moet doen.

## Soms weet ons nie wat om te bid nie

**Romeine 8:26** *"Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie."*

Die Boodskap: *"Intussen het God sy Gees aan ons gegee om ons in ons swakhede te help. Ons grootste swakheid is dat ons nie aldag weet wat ons moet bid nie."*

Miskien is jy nou op daardie plek dat jy nie meer weet hoe en wat jy moet bid nie? Volgens ons teks kan ons staatmaak dat die Heilige Gees ons sal help om te kan bid soos wat God wil hê dat ons moet bid.
In vers 27 leer "Die Boodskap" ons duidelik hoe God se Gees vir ons intree – dit lees só: *"Maar in sulke tye bid die Gees self vir ons. Hy vertaal al ons swaarkry in hemelse taal. Hy gaan sug en kla namens ons daar by God. En omdat God die Heilige Gees deur en deur ken, weet Hy presies hoekom Sy Gees so ernstig vir ons bid. En God weet ook dat die Gees altyd volgens Sy wil vir al die gelowiges bid."* Hoe duidelik is dit net nie?
Al sou woorde jou ontbreek wanneer jy bid, maak net jou hart oop voor die Here, want Sy Gees sal jou help in jou gebed. Jy hoef dus nie met onsekerheid na God te gaan nie. Vertrou Hom dat Hy altyd sal doen wat vir ons die beste sal wees. Sy weë is nie ons weë nie en Sy gedagtes ook nie ons gedagtes nie.
Die Here se plan vir ons is altyd om ons te seën en voorspoedig te maak. (Jer. 29:11)

Al het jy nie die regte woorde nie – stort vandag jou hart uit voor die Here.
Jou saak sal Sy Gees in 'n taal oordra wat die hemel verstaan.
Onthou God is die beloner van dié wat Hom soek. (Heb. 11:6)

## God sal uitkoms gee

**Lukas 18:7,8** *"Sal God dan nie reg doen aan Sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie, al is Hy ook lankmoedig in hulle geval? Ek sê vir julle dat Hy gou aan hulle reg sal doen..."* Die Boodskap: *"Wat sal God dan nie alles doen vir Sy kinders wat Hy persoonlik uitgekies het om in Hom te glo nie? Hy luister na almal wat dag en nag tot Hom bid. Hy sal uitkoms gee. En gou ook! Hou maar net aan om te bid."*

Hierdie is die verhaal van 'n weduwee wat 'n hardkoppige regter, wat geen respek vir niemand gehad het nie, geen rus gegee nie totdat hy in haar behoeftes voorsien het. Die groot les wat Jesus ons wou leer vind ons in vers 1: *"En Hy het ook aan hulle 'n gelykenis vertel; met die oog daarop dat 'n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie."* Die waarheid is: Indien jy geneig is om gedurig moedeloos te word, is dit moontlik dat jy nie genoeg bid nie. Elkeen van ons kan onsself beoordeel op hierdie stelling.
As hierdie weduwee se behoeftes vervul was deur 'n regter wat nie eers God gevrees het nie, hoeveel temeer sal ons behoeftes vervul word deur 'n God wat 'n regverdige Regter is? Jy kan daarop staatmaak dat Hy meer sal gee as wat jy kan bid of dink. Ek onderstreep die woorde in Die Boodskap: *"Hy sal uitkoms gee. En gou ook! Hou maar net aan om te bid."* Waak teen moedeloosheid. Moedeloosheid is wanneer alles vir jou verkeerd lyk en niks skynbaar sal reg kom nie. Iemand het gesê: "Moenie moedeloos word nie want dit is soms die laaste sleutel in die bos wat die deur oopsluiit." Kan ek jou bemoedig deur te sê dat Hy wat op die gebed van een persoon (Moses) die Rooisee gekloof het, is instaat om in jou geval vir jou 'n pad te maak waar daar voorheen geen pad was nie.

Glo dat jou deurbraak baie naby is – bly dus ernstig bid.
Vir God is jy baie spesiaal asook almal wat vir jou dierbaar is.
Met dié oortuiging in jou hart kan jy net aanhou om te bid.

## Wil jy ontslae raak van jou berge?

**Markus 11:23,25** *"Want, voorwaaer Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see – en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur – hy sal verkry net wat hy sê...En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemel is, ook julle oortredinge mag vergewe."*

Die meeste mense wat ek van weet, ken Markus 11:23,24. Baie het hierdie verse in hul Bybel ingekleur en onderstreep. Maar ek het ek nie baie mense gekry wat ook verse 25,26 ingekleur het nie.
Ons wil voor ons berg van probleme staan en in geloof dit aanspreek, sodat ons van hulle ontslae kan raak. Ons dink hier aan finansiële probleme, siektes, verhoudinge en veel meer, wat soos 'n "berg" voor ons staan.
Ons moet net nie stop by vers 24 nie, maar ook verse 25 en 26 lees sodat ons die hele boodskap kan kry. Dit is dat wanneer jy voor jou berg staan (jou probleem) en dit aanspreek, moet jy vergewe as daar iets tussen jou en iemand anders is – indien jy wil hê dat die Here jou berge van probleme moet verwyder.
In Lukas 6:37 sê Jesus: *"Spreek vry, en julle sal vrygespreek word."* Ek spreek iemand nie vry omdat hy dit verdien nie, maar omdat ek vry wil wees. Sou ek iemand vryspreek en hy aanvaar dit nie, is die nie my probleem nie, maar syne. Van my kant moet ek dit net opreg doen. Doen ek dit nie, sal my "berg" (of dan my problem) nie verdwyn nie en sal ek pyn en smarte oor myself bring – en dit wil ons nie hê nie.

Gaan staan voor jou berg en spreek dit aan in Jesus se Naam!
As jy waarliik glo, sal die Here jou 'n deurbraak gee.
Wees bereid om van harte (al is dit nie maklik nie) te vergewe.

## Dank God vir die Kruis

**Galasiërs 6:14** *"Maar wat my betref, mag ek nooit roem nie, behalwe in die kruis van onse Here Jesus Christus..."*

Die swem instrukteur van n Amerikaanse universiteit kon een nag glad nie slaap nie. Hy besluit hy gaan swem. Om nie aandag te trek nie, skakel hy nie die ligte aan nie, omdat hy die swembad soos die palm van sy hand geken het. Hy klim op die duikplank, strek sy arms na weerskante uit en maak gereed om te duik. Op daardie oomblik kom die maan agter n wolk uit en gooi sy liggaam se skaduwee teen die oorkantste muur.
Die skaduwee lyk soos n kruis. Diep getref bly hy net so staan. Hy was nie n belydende Christen nie, maar daar op die duiktoring in die maanlig, in die stilte van die nag, dink hy aan Christus se kruis. Hy besluit om af te klim en langs die swembad te gaan sit en die nuwe gedagtes wat so vreemd, skielik by hom opkom, te gaan oordink. Hy swaai sy bene oor die kant van die swembad om sy voete in die koel water te laat hang, maar sy voete raak nie water nie! Dit is te donker om in die swembad te sien en hy klim stadig met die trappies af tot op die bodem van die swembad. Hy het nie geweet die swembad opsigter het die water uitgepomp om die volgende dag skoon water te laat inloop nie. Wat as hy geduik het?
Diep aangedaan, kniel hy op die koue vloer van die swembad en dank God vir Sy groot en onverdiende beskerming en genade. In sy hart wel n verlange op om nader aan hierdie God te kom. Sy geloof neem n verdere stap. Die skaduwee van die kruis het hom van n gewisse dood gered, so red Christus se kruisdood hom van die ewige dood. Alleen, knielende in die donker op die swembad se vloer, maak hy sy hart oop en neem Christus Jesus aan as sy Saligmaker. (Oorgeneem)

By Christus se kruis is ten volle betaal vir ons sonde en siekte. Neem jou voor om niks anders te weet nie as Jesus die gekruisigde. (1 Kor. 2:2)
Wil jy nie iemand vandag help om ook by die kruis te kniel nie?

# Jy sal oorwin deur geloof

**1 Johannes 5:4** *"Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof."*

Die Lewende Bybel: *"Elke kind van God kan die magte oorwin wat teen God vyandig is, want dit is ons vertroue op Jesus Christus wat die oorwinning oor hierdie magte is."*

Volgens ons teks is dit duidelik dat elkeen wat uit God gebore is, die wêreld sal oorwin. As jy uit God gebore is, sê die Bybel vir jou in vers 18: *"Ons weet dat iemand nie in sonde kan lewe as God hom die nuwe geboorte gegee het nie, want Christus, die Seun van God, beskerm hom sodat die duiwel niks aan hom kan doen nie."* (Die Lewende Bybel) Dit is treffend dat ons oorwinning daarin lê om in God te glo.
As jy in God glo dan glo jy in die Bybel. En die Bybel sal jou oorwinning gee in jou denke; in jou liggaam en in jou gees.
Jy kan alles verloor – soos jou geld; jou werk; jou besittings; jou vriende en selfs ook 'n dierbare – maar moet nooit jou geloof in God verloor nie.
Geloof is 'n vaste vertroue in dit wat ons nie sien nie maar wat ons hoop. (Heb. 11:1) Geloof is jou skild wat jy gebruik om alle vurige pyle wat die duiwel op jou afskiet te keer voordat dit jou tref. (Ef. 6:18)
Ek is so bly dat God aan elkeen van ons 'n mate van geloof gegee het. (Rom. 12:3) Die Boodskap stel dit só: *"Onthou dat julle geloof 'n geskenk uit God se hand is. Wees dankbaar vir die geloof wat julle wel van Hom ontvang het."*

Om te glo is gelukkig nie 'n ingewikkelde iets om te doen nie. Wat geloof in God wel is – is dat dit 'n "vaste vertroue" is in Hom en Sy woord.
Moenie een oomblik vandag twyfel in wat God kan doen nie!

**Hoe lees jy?**

**Lukas 10:25,26** *"En daar het 'n sekere wetgeleerde opgestaan wat Hom versoek het deur te sê: Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe? En Hy antwoord hom: Wat is in die wet geskrywe? Hoe lees jy?"*
Ander vertalings sê: *"Wat lees jy daar?" (Nuwe Vert.) "Wat sê die wet daaroor?" (L/B) "Sê My 'n biejie, wat staan daar in die wet geskryf?" (Die Boodskap)*

Hierdie man wat Jesus gevra het wat hy moet doen om die ewige lewe te beërwe het 'n wetgeleerde geword deur harde studie, tog het hy nie God se wette verstaan nie, want hy het nie reg gelees het nie.
Die Bybel is 'n wonderlike boek. Baie keer wanneer ek 'n nuwe ontdekking in die Skrif gemaak het was my kommentaar: *"Ek het hierdie teks nog nooit voorheen gelees nie en ek dink die Here het dit laasnag in die Bybel geplaas, spesiaal vir my."*
Jy het seker ook al hierdie tipe ontdekking gemaak dat 'n waarheid in die Bybel vir jou "oopgegaan" het.
Ek dink daaraan hoe ons as man en vrou Matt. 18:19 "ontdek" het. Ons het dit voorheen baie gelees, maar toe ons geestelike oë dit reg lees, het dit 'n lewenswyse geword om oor sake saam te stem. Twee persone wat behoort saam te stem is tog immers 'n man en sy vrou. Hoe lees jy Matt. 18:19? *"Verder verseker Ek julle: As twee van julle op aarde oor enige saak saamstem en daaroor bid, sal my Vader wat in die hemel is, hulle dit laat kry."*

Vra die Heilige Gees om jou te help om die woord reg te lees.
Jy sal ontdekkings maak wat jou op 'n nuwe pad sal plaas.
Nooi jou lewensmaat om saam met jou te stem in gebed.

**Wees versigtig wat jy sê**

**Lukas 12:2,3** *"En daar is niks bedek wat nie geopenbaar sal word nie, en verborge wat nie bekend sal word nie. Daarom, alles wat julle in die donker gesê het, sal in die lig gehoor word; en wat julle in die oor gepraat het in die binnekamers, sal op die dakke verkondig word."*

Die Boodskap: *"Die een of ander tyd sal die waarheid uitkom. Onthou: wat julle ookal in die geheim sê, sal wel bekend word. Kort voor lank word julle diepste geheime sommer nog van die dakke af uitbasuin. Wees daarom baie versigtig wat julle sê."*

As jy graag die waarheid praat het dit hierdie voordeel dat jy nie hoef te onthou wat jy gesê het nie. Indien jy nie die waarheid gepraat het nie, is dit 'n moeilike ding om te probeer verduidelik wat jy eintlik gesê het.
Nog iets wat ek geleer het oor waarheid is dat waarheid kom altyd tot jou negatief as jy dit die eerste keer hoor.
Toets hierdie stelling met enige waarheid wat tot jou kom.
In ons Skrifgedeelte leer Jesus ons dat daar niks is wat verborge sal bly nie. Daar is dinge wat selfs vir jare verborge kan wees, maar op 'n dag sal dit bekend word. Net so is dit met wat by ons mond uitkom. Wees vinnig om te hoor maar stadig om te praat.
Matt. 12:37 sê: *"Want uit jou woorde sal jy geregverdig word, en uit jou woorde sal jy veroordeel word."* Om geregverdig te wees meen om in die regte verhouding tot God te staan.
In Engels beteken "righteousness" – "to be in right standing with God"
Wees dus versigtig wat jy sê. Woorde is soos 'n verekussing wat jy stukkend sny in 'n sterk wind. Daar is geen manier dat jy die vere weer bymekaar sal kan kry nie.

Vra die Here om 'n wag voor jou mond te plaas.
Besluit of dit waar en mooi is wat jy gaan sê?
Dit mag die waarheid wees – maar is dit minsaam?

# God beskerm jou

**Psalm 91:1,2** *"Hy wat by die Allerhoogste skuiling vind en die beskerming van die Almagtige geniet, hy sê vir die Here: U is my toevlug en my veilige vesting, my God op wie ek vertrou."*
Die Boodskap: *"As jy na die Allerhoogste God toe gaan dat Hy jou moet oppas, kan jy van een ding seker wees: Die Almagtige God sal jou bewaar. Jy kan vir die Here sê: U beskerm en bewaar my. U is my God op wie ek vertrou."*

Wie sê vir die Here dat Hy vir hom 'n toevlug en 'n veilige vesting is? Dit is hy wat besluit het om by God skuiling te soek. Corrie ten Boom, wat geleef het tot 1983, was iemand wat by God skuiling gevind het. Die Ten Boom familie se hele lewe is deur die tweede Wêreldoorlog verander, omdat hulle as gelowiges besluit het om die Jode in hul huis van die Nazi's weg te steek. Dit het groot gevaar vir hulle as familie ingehou. Die Nazi's het hulle later uitgevang en die hele gesin na 'n konsentrasiekamp gestuur. Daar het Corrie se hele familie gesterf. Na haar vrylating het sy 'n trefferboek geskryf: *"The Hiding Place."* Hierin vertel sy van al haar ervarings. Corrie het wêreldwyd getuig dat sy die werklikheid beleef het wat in Psalm 91 geskrywe staan. Dit was dié Psalm wat haar vader vir die gesin gelees het net voordat hulle gevange geneem is. (Oorgeneem uit die 24/7 Bybel)
Weet dit dat God jou al beskerm het van baie gevare wat jy nie van geweet het nie. God se beloftes het voorwaardes.
Die voorwaarde vir beskerming is duidelik die New King James Bybel wat soos volg lees: *"He who dwells in the secret place of the Most High, shall abide under the shadow of the Almighty."* Hy wat "vertoef" en "bly" in God se teenwoordigheid, naamlik deur gebed en toewyding, weet dat die Here hul sal beskerm.

Indien jy by die Here skuil hoef jy werklik vir niks te vrees nie. In dié onseker wêreld is dit alleenlik God wat jou sal beskerm. Sy arm is nie te kort om te help nie en Sy oor nie doof om te hoor nie. (Jes. 59:1)

## Hoe sien jy jouself?

**Génesis 1:26** *"En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers..."*

Die Boodskap: *"Toe het God gesê: Kom Ons maak 'n mens, 'n mens wat iets van My in hom het en selfs 'n bietjie soos Ek lyk..."*

As jy in die spieël kyk, wat en wie sien jy? As jou naam Daniël is dan behoort jy jouself te sien as "God is my regter" want dit is wat Daniël beteken. As jou naam Isak is dan behoort jy iemand te wees wat 'n "gelag" in jou hart het – iemand met blydskap – want dit is hoe die naam van Isak ontstaan het. (Gen. 21:5,6)

Selfs jou bynaam sê wie jy is. Indien jou bynaam nie iets goeds van jou sê nie, moet jy dit beslis verander. As jy jouself aanvaar en goed voel oor jouself, sal jy ruimte maak vir ander in jou lewe. Indien jy nie met jouself "baklei" nie sal jy dit ook nie met ander wil doen nie. Mense wat hulself nie liefhet nie is geneig om ook só oor ander te voel.

Moet nooit vergeet dat God jou gemaak het na Sy beeld. Hy het jou as mens gemaak wat iets van Hom in jou het. Dit wat van God in jou is moet jy deel met die wêreld om jou. Deel met hulle God se liefde en Sy genade. Vir hierdie rede het ek 'n gesegde wat ek dikwels al gebruik het: *"Do you know why I give grace? Because I need grace."*

Gaan staan voor 'n spieël en sê wat jy van jouself dink.
Ken en bely die Skrifte wat jou vertel wat jy in Christus is.
Sien jouself soos iemand wat selfs 'n bietjie na God lyk.
(Die Boodskap)

# Wat is die mens?

**Psalm 8:4,5** *"As ek U hemel aanskou, die werk van U vingers, die maan en die sterre wat U toeberei het – wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek?"*
Die Boodskap: *"As ek opkyk na alles wat U in die hemelruim gemaak het, al die planete, die maan, melkwegstelsels en miljoene sterre, snak ek na my asem as ek sien hoe piepklein die mens regtig is. Hoekom gee U vir hom om?"*

Dit is goed as ons soms kan stilstaan en, soos Dawid, dink wat ons as mens werklik is. Ons moet op gereelde basis bewus raak van alles wat God gemaak het, sodat ons met dankbaarheid kan besef dat ons wat *"piepklein"* is 'n Almagtige God het wat Hom oor ons ontferm. In Sy handewerk sien ons 'n God met onbeskryflike liefde.
Dit is tragies om te sê dat ons lewe in 'n tyd dat die mens soms van homself 'n god wil maak. Ons sien dit in politiek en sport. Terwyl ons as Christene ons identiteit in Christus moet ontdek – en ook moet uitleef – besef ons dat sonder God is ons niks en kan ons geen sukses behaal nie. (Joh. 15:5) Besef daarom opnuut hoe besonders God jou gemaak het en hoe groot en magtig Hy is. Dawid sê in Ps. 139:14: *"Ek wil U loof, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep..."*
Indien jy ook vra: "Wat is die mens?" lees gerus met aandag Ps. 8:6,7: *"U het hom (die mens) 'n weinig minder gemaak as 'n goddelike wese en hom met eer en heerlikheid gekroon. U laat hom heers oor die werke van U hande; U het alles onder sy voete gestel."*
Moet niks minder as dit vir jouself aanvaar nie.

Ek glo dat ek die Here se witbroodjie is.
Jy het die reg om verskil – weet net dat jy spesiaal vir God is.
Die wêreld is perfek gemaak – tog is jy die kroon van God se skepping.

## Lewe in die lig

**1 Johannes 1:7** *"Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde."*
Die Lewende Bybel: *"Maar as ons in die lig lewe – soos God ook in die lig lewe – dan staan ons ook in die regte verhouding met mekaar en dan reinig die bloed van sy Seun, Jesus Christus, ons van al ons sonde."*

Hierdie teks is geskryf vir gelowiges, alhoewel ons dit gebruik om sondaars tot bekering te bring. Die woord "ons" kom hier drie keer voor – verwysende na God se kinders.
Indien jy begeer dat die bloed van Christus jou gedurig sal reinig is dit belangrik om twee dinge te doen: Die eerste is om in die lig te wandel. Dit meen om lief te wees vir die mooi en goeie dinge in die lewe.
Joh. 3:20 stel dit só: *"Want elkeen wat kwaad doen, haat die lig en kom nie na die lig nie, dat sy werke nie bestraf mag word nie."*
Ten tweede moet ons ook in die regte verhouding leef met ander mede-gelowiges. Ek verbaas my altyd dat daar hulle is wat staatmaak op die laaste deel van ons teks en glo dat Jesus se bloed hulle sal reinig van sonde, terwyl hulle lief is om kwaad te doen. Boonop wil hulle ook geensins in die regte verhouding leef met hul boeties en sussies in die Here nie.
As ons daarvan hou om die kwaad te vermy en ons is lief vir ander kan ons daarop staatmaak dat Jesus se bloed daar is om ons te reinig van alles wat verkeerd is.

Ek begeer dat Jesus se bloed my gedurig sal reinig.
Daarom haat ek sonde en leef nie in geestelike duisternis nie.
Wat my help is om in die regte verhouding met ander te leef.

## Roep al harder

**Lukas 18:35,38,39** *"En terwyl Hy naby Jérigo kom, sit daar 'n blinde man langs die pad en bedel;...Toe roep hy en sê: Jesus, Seun van Dawid, wees my barmhartig! En die wat voor loop, bestraf hom dat hy moet stilbly. Maar hy het al harder uitgeroep: Seun van Dawid, wees my barmhartig."*

Hierdie man was blind en kon dus nie sien nie. Maar toe hy hoor dat dit Jesus is wat daar verby beweeg, het hy uitgeroep vir genesing. Treffend genoeg was dit dié wat voor geloop het, wat hom bestraf het. Is dit nie vandag nog dieselfde mense wat jou keer as jy ernstig raak met God nie? Gelukkig het niks en niemand hom afgesit om sy nood by Jesus bekend te maak nie. Miskien moet jy dit oorweeg om harder te roep?

Ek onthou jare gelede hoedat ek 'n baie fyn opgevoede dame die raad gegee het om haarself in 'n kamer toe te sluit en ernstig en hardop na God te roep om haar te help. Dit was nie dat ek gemeen het God is doof nie, maar toe sy dit gedoen het was haar oorwinning iets merkwaardigs.

God kon die mure van Jerigo inmekaar laat val het sonder die toedoen van enige mens. Tog het die Hy Israel gevra om die sewende keer, toe hulle om die stad geloop het, te skreeu en op hul horings te blaas. Ons lees daarvan in Jos. 6:20. Jou "mure" sal ook "inval" as jy met groter erns God aanroep, daarom moedig ek jou aan om harder te roep.

Gordon Lindsey, die stigter van Christ for the Nations, skryf in een van sy boeke: *"Every child of God should have a violant prayer every day."* Ek moes hierdie woorde goed bepeins het totdat ek dit kon verstaan het.

Bevryding kom deur jou mond – gebruik dit om harder te roep.
Moet nie moedeloos word nie, want by God is alles moontlik.
Geen mens moet jou keer om "harder" te roep nie.

## Die Kerk behoort te help

**Lukas 13:10,11** *"En Hy was besig om op die sabbat in een van die sinagoges te leer. En daar was 'n vrou wat 'n gees van krankheid agttien jaar lank gehad het, en sy was inmekaargetrek en glad nie in staat om regop te kom nie."*
Die Lewende Bybel: *"Dit was op 'n sabbatdag en Jesus was in 'n sinagoge besig om die mense te leer. In die sinagoge was daar 'n vrou in wie daar al agtien jaar lank 'n bose gees was wat haar siek gemaak het. Haar rug was heeltemal krom getrek sodat sy nie meer orent kon kom nie."*

Alle krankheid word verseker nie veroorsaak deur 'n gees nie. Die Bybel sê egter dat hierdie vrou 'n gees van krankheid gehad het en as gevolg hiervan was sy inmekaargetrek en nie in staat om regop te kom nie. Treffend genoeg was sy in die kerk (die sinagoge) en het seker gereeld in hierdie agttien jaar daar gekom – sonder dat iemand haar gehelp het. Is dit nie die toestand vandag nie? Mense kom kerktoe, en gaan net so huistoe sonder dat hulle gehelp word. Die kerk behoort te help. En as ek praat van die "Kerk" dan praat ek nie van 'n gebou nie, maar van ons as gelowiges wat die Here se "Kerk" is. Soos wat hierdie vrou deur 'n bose gees gebind was, kom baie na ons kerkdienste terwyl hulle op verskillende maniere gebind is. Ja, vasgevang in sondige gewoontes en in hul denke. Die probleem is dat hulle in die kerk sit waar die gemeente aanbid en waar die evangelie boodskap verkondig word – maar dan gaan hulle weer huistoe sonder dat hulle bevry en genees is. As kind van God moet jy en ek besluit dat ons nie wil sien dat mense ons dienste besoek en nie gehelp word nie. Inteendeel, bevrydings asook genesings moet plaasvind, sodat ons waarlik kerk sal wees!

Gaan met verwagting kerktoe en vertrou God vir wonders.
Glo dat elkeen wat gebind is in die dienste bevry sal word.
Wees beskikbaar as God jou wil gebruik om vir iemand te bid.

# Wees heeltyd dankbaar

**1 Thessalonicense 5:18** *"Wees heeltyd dankbaar teenoor God, wat ook al met julle gebeur. Dan stap julle op die pad wat God vir julle beplan het toe julle in Christus Jesus begin glo het."* (Die Boodskap)

Navorsing het bewys dat wat totale geluk in ons lewens sal bring is "Dankbaarheid" 'n Dankbare hart is dus 'n gelukkige hart. Kom ons doen wat Paulus ons leer in Ef. 5:19,20.
As jy jouself bevind in moeilike omstandighede, soos siekte en finansiële druk, begin die dag om dank aan God te gee – jy sal sien hoe wonderlik dit werk.
Rom. 8:28 is ook in die Bybel: *"En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na Sy voorneme geroep is."* Al het jy nie 'n antwoord op alles in die lewe nie, leer om reg te praat en moet nie ophou om dankbaar teenoor God te wees nie. Praat posetief, want met jou mond kan jy elke probleem aanspreek, selfs al staan dit soos 'n berg voor jou. (Markus 11:23)
Dit verbaas my altyd as ek die negatiewe en verkeerde borde by die ingange na plase en voor huise lees. As die eienaars God se seën verwag moet hulle hierdie borde na iets beters verander. As die plaas se naam "Verdriet" was moet hulle dit "Blydskap" noem.
Wanneer laas het jy opreg dankie gesê dat God jou verlos het? Lees weer Kol. 2:13-15. As God jou genees het, mag jy nooit stilbly nie. Moenie maak soos die nege melaatses wat nie vir Jesus kom dankie sê het nie. (Luk. 17:6) Vertel wat God vir jou gedoen het. Het die Here jou finansieël geseën? Gee dan uit dankbaarheid 'n deel daarvan vir Sy werk. Elke keer wanneer jy saai sal jy ook maai. (2 Kor. 9:6-8)

*"Prayer without thanksgiving is like a bird without wings."*
(William Hendriksen)
Tel weer jou seëninge, en wees dankbaar teenoor God.
Mag jou hart oorloop van dankbaarheid en bemoedig iemand.

# Wandel in die lig

**Johannes 8:12** *"En Jesus het weer met hulle gespreek en gesê: Ek is die lig van die wêreld, wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê."*
Die Boodskap: *"Jesus praat toe verder met die mense: Wat lig beteken vir iemand wat in die pikdonker sit, beteken Ek vir mense op geestelike gebied. Daarom sal iemand wat My volg se lewe nie sinloos wees soos dié van iemand wat in die donker rondstrompel nie. Hy sal sy lewe sinvol kan leef omdat hy sal kan sien wat om te doen om God tevrede te stel."*

Die Griekse woord wat hier as "lig" gebruik word is "phós" en dit beteken dit is 'n lig wat nie uitgedoof kan word nie. Die woord "lewe" kom van die Griekse woord "zöé" en dit verwys na lewe in die gees. Prys God! As ons Christus volg ondervind ons dat ons 'n lig in ons het wat nie uitgeblus kan word nie en is daar 'n vlam in ons hart!
Ek hoor baie keer van mense wat praat dat hulle "'n dieper lig" ontdek het. Ek glo dat as jy Jesus volg, het jy al die lig wat jy nodig het. Daar is geen dieper lig as Hy nie. Wanneer Christus in 'n lewe of in 'n huis kom, dan kom Sy lig ook in. Indien jy in die lig wil wandel moet jy wandel in Sy Woord. Mense oorwin nie want hulle lees nie Bybel nie.
Iemand wat in die lig wandel is verseker iemand wat in verhouding met die Here leef. Iemand wat in die lig wandel sal iemand wees wat seker is van die pad wat voor hulle is. Om in die lig te wandel meen om gelukkig te wees. Om in duisternis te wandel meen om ongelukkig te wees. Iemand wat nie in die lig wandel nie, sê dat hy nie sonde het nie. Om in die lig te wandel begin altyd waar jy bereid is om jou sonde te bely.

Mag jy opnuut ervaar wat dit beteken om in die lig te wandel.
Mag God 'n lig laat deurbreek waar jy dit die nodigste het.
Mag jy sinvol leef en jou bes doen om God tevrede te stel.

## Deel God se woord met iemand!

**Handelinge 6:7** *"En die woord van God het toegeneem, en die getal van die dissipels het in Jerusalem baie vermeerder, en 'n groot menigte van priesters het gehoorsaam geword aan die geloof."*

Die Lewende Bybel: *"Die woord van God het al hoe meer bekend geword, en in Jerusalem het die getal gelowiges baie groter geword. Daar was selfs 'n hele aantal priesters wat die boodskap oor Jesus aangeneem het."*

In die tyd van die eerste kerk in Handelinge was daar nie TV of radio uitsendings om God se woord aan mense te bring nie. Die woord van God kon dus net op een manier bekend gemaak word, en dit is deur gelowiges wat ander vertel het wat Christus vir hulle gedoen het. Hierdie metode bly nog die beste een om die blye boodskap aan ander oor te dra. Ek is seker dat God mooi dinge vir jou gedoen het? Vertel ande daarvan.
Om net te bid vir mense se verlossing is nie genoeg nie, want die Bybel sê: *"En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek?* (Rom. 10:14) Mense hoor nie want ons vertel hulle nie. Ek vertrou ek praat met iemand wat wil sien dat meer mense Jesus moet aanneem?
Ek onthou hoe ywerig ek was in daardie eerste tyd na my bekering. As 'n student moes ek daagliks per trein reis tussen Pretoria en Johanneburg. Elke dag het ek uitgesoekte traktaatjies aan die passasiers gegee – gemiddeld so 500 per week – vir twee jaar. Die Here het dit gebruik as 'n aanknopingspunt dat ek persoonlik met baie mense oor Jesus kon praat. Daar was tye dat ek iemand na Christus kon lei, net daar in die trein.

As jy wil sien dat mense verander – deel jou getuienis.
Wanneer laas het jy met iemand gepraat oor Jesus?
Weet een ding – daar is hulle wat wag dat jy dit moet doen.

## Jesus is die brood van die lewe

**Johannes 6:48,51** *"Ek is die brood van die lewe...Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid."*

Dank God dat Jesus die brood van die lewe is en dat ons, deur Hom, ewig sal lewe. Wat 'n treffende verklaring in ons teks, wat die hongerige siel dryf om van Hom te eet. Selfs waar Jesus ons leer bid (Matt. 6:9-13) het Hy woorde gebruik soos: *"Gee ons vandag ons daaglikse brood."* Hierdie gebed is vir die liggaam maar ook vir die siel.
Net soos Israel in die woestyn daagliks die manna moes optel om as brood te eet, net so moet ons daagliks ons hemelse brood van Hom ontvang. Moet nooit jou dag begin sonder die "vars hemelse brood" wat jy kry uit Sy woord, die Bybel, nie.
Dr. Henry Ward Beecher het gesê: *"Die mens maak godsdiens die koek van die lewe – iets wat in die kas gebêre word en gebruik word net as gaste kom kuier – terwyl godsdiens die brood van die lewe moet wees."*
Iets wonderliks van brood is dat dit ook vir die armes is. In Luk. 4:18 lees ons wat Jesus gesê het van die evangelie: *"Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring."*
Brood is die resultaat van 'n proses. Die graan moet eers geoes word en daarna baie fyn gemaal word, voordat dit as brood gebak kan word. Net só moes Jesus eers deur 'n proses gegaan het (wat Sy kruisdood ingesluit het) voordat Hy die brood van die lewe vir ons kon wees. Dank Hom opnuut vir wat Hy moes deurmaak sodat ons die brood van die lewe kon geniet!

Ek bid dat predikers nie 'n sak vol klippe kansel toe neem nie. Maar 'n sak vol heerlike vars brood om die hongerige mense daarmee te voed.
Niemand mag uit ons dienste gaan wat nie gevoed is nie.